INFORMATION
REGULATOR
(SOUTH AFRICA)

*Ensuring protection of your personal information and effective access to information*



# GIDS

## VIR DIE GEBRUIK VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, WET 2 VAN 2000, SOOS GEWYSIG

AFRIKAANS

## TABLE OF CONTENTS


| | | |
|---|---|---|
| | VOORWOORD DEUR DIE VOORSITTER | 3 |
| | VRYWARINGSKENNISGEWING | 4 |
| 1. | LYS VAN AKRONIEME EN AFKORTINGS | 4 |
| 2. | NUTTIGE TERME OP 'N MAKLIK VERSTAANBARE VORM EN WYSE VERDUIDELIK | 4 |
| 3. | KONTAKBESONDERHEDE VAN DIE REGULEERDER | 8 |
| 4. | DOEL VAN HIERDE PAIA-GIDS | 9 |
| 5. | OOR PAIA | 10 |
| 6. | DIE OOGMERKE VAN DIE PAIA-WET | 11 |
| 7. | VESTIGING VAN DIE INLIGTINGSREGULEERDER | 16 |
| 8. | DIE ROL VAN DIE INLIGTINGSREGULEERDER | 17 |
| 9. | VERSOEK OM 'N REKORD RIG | 18 |
| 10. | KONTAKBESONDERHEDE VAN INLIGTINGSBEAMPTES | 22 |
| 11. | PROSES OM 'N VERSOEK OM INLIGTING TE RIG | 23 |
| 12. | WIE KAN 'N PAIA-VERSOEK RIG? | 24 |
| 13. | AAN WIE KAN 'N VERSOEK GERIG WORD? | 25 |
| 14. | HOE OM DIE VORM TE VOLTOOI | 25 |
| 15. | DIE KOSTES BETROKKE | 29 |
| 16. | SAL DIE INLIGTINGSBEAMPTE DIE VERSOEKER HELP OM 'N PAIA-VERSOEK TE RIG? | 30 |
| 17. | BYSTAND VERLEEN DEUR DIE INLIGTINGSREGULEERDER KRAGTENS DIE PAIA-EN POPIA... | 32 |
| 18. | KAN DIE INLIGTINGSBEAMPTE DIE BETROKKE TYDLYNE VERLENG? | 33 |
| 19. | ANTWOORDE TOT 'N VERSOEK OM INLIGTING | 33 |
| 20. | VERPLIGTE OPENBAARMAKING VAN REKORDS IN DIE OPENBARE BELANG | 38 |
| 21. | DERDE PARTY KENNISGEWINGSPROSES | 38 |
| 22. | REGSMIDDELE BESKIKBAAR TEEN 'N BESLUIT OF VERSUIM OM 'N BESLUIT... | 39 |
| 23. | KLAGTE AAN DIE INLIGTINGSREGULEERDER | 47 |
| 24. | AANSOEK BY DIE HOF | 52 |
| 25. | DIAGRAM VAN DIE PAIA VERSOEKPROSES | 55 |
| 26. | REGULASIES KRAGTENS ARTIKEL 92 VAN PAIA | 57 |
| 27. | SLEUTELWETGEWINGS, REGULASIES, KENNISGEWINGS EN ERKENNING | 58 |


PAIA GID

## VOORWOORD DEUR DIE VOORSITTER

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996[1] ("Grondwet") bepaal dat Suid-Afrika 'n soewereine demokratiese staat is, wat gegrond is op die bevordering van menseregte en 'n verantwoordelike, responsiewe en deursigtige stelsel van bestuur as deel van sy waardes. Voordat Suid-Afrika 'n grondwetlike demokrasie met 'n afdwingbare Handves van Regte geword het, het die regeringstelsel in Suid-Afrika, onder andere, ontaard in 'n geheimsinnige en onresponsiewe kultuur in beide die openbare en private liggame, wat dikwels tot die misbruik van mag en die skendings van menseregte gelei het. Dit is in hierdie verband dat artikel 32(1) van die Handves van Regte in die Grondwet voorsiening maak vir die reg van toegang tot inligting wat deur die staat gehou word; en enige inligting wat deur 'n ander persoon gehou word wat nodig is vir die uitoefening of beskerming van enige regte. Artikel 32(2) van die Grondwet maak op sy beurt voorsiening vir die verordening van nasionale wetgewing om gevolg aan hierdie reg te gee, deur die respektering, beskerming, bevordering en vervulling van hierdie reg.

Die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, no. 2 van 2000 (Hierna na verwys as "die **PAIA**", of " die Wet" afgewissel), soos gewysig, is die nasionale wetgewing wat verorden is in ooreenstemming met bogenoemde artikel 32(2) van die Grondwet.

Die doel van die **PAIA**-wet, is om 'n kultuur van deursigtigheid en verantwoordbaarheid in openbare en private liggame te vestig. Dit word gedoen deur magtiging te verleen aan die reg van toegang tot inligting en bevorder aktief 'n samelewing waarin die mense van Suid-Afrika effektiewe toegang tot inligting geniet om hul in staat te stel om hul regte meer omvattend uit te oefen en beskerm en ook om Suid-Afrika se doelwitte van 'n oop en deelnemende demokrasie te verwesenlik.

Hierdie **PAIA**-gids is ontwikkel ter vervulling van die Inligtingsreguleerder ("Reguleerder") se verpligting ingevolge artikel 10 van die **PAIA**-wet, wat vereis dat die Reguleerder die bestaande gids, wat opgestel is deur die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie, opdateer en beskikbaar maak.

Hierdie Gids is ontwerp om 'n leidende, gebruikersvriendelike en toeganklike meganisme te wees vir enige persoon wie beoog om enige reg wat in die **PAIA** en die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2000, 2013, vervat word, uit te oefen.



**Adv Pansy Tlakula**
DIE VOORSITTER VAN DIE INLIGTINGSRE GULEERDER

[1] *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet No.*

***VRYWARINGSKENNISGEWING***

*Hierdie Gids verlos nie die gebruiker van die verantwoordelikheid om hul eie vaardigheid en sorg met betrekking tot die vereistes of verpligtinge opgelê deur enige wetgewing nie. Bowendien, voorsien hierdie Gids nie regsadvies nie en is nie bedoel om die **PAIA** of Regulasies wat kragtens die **PAIA** uitgereik is, te vervang nie. Die Reguleerder aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige verlies wat gely mag word as gevolg van staat wat gemaak is op hierdie Gids nie.*

## 1. LYS VAN AKRONIEME EN AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| **HUB** | Hoof-Uitvoerende Beampte |
| **HFB** | Hoof-Finansiële Beampte |
| **Grondwet** | Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet No. 108 of 1996 |
| **AIB** | Adjunk-inligtingsbeampte |
| **DoJ & CD** | Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling |
| **IB** | Inligtingsbeampte |
| **Lede** | Lede van die Inligtingsreguleerder |
| **Minister** | Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste |
| **PAIA** | Die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000, soos gewysig |
| **PAJA** | Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 |
| **WOFB** | Wet op Bestuur van Openbare Finansies, No. 1 van 1999, soos gewysig |
| **POPI-WET** | Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet No.4 van 2013 |
| **Reguleerder** | Inligtingsreguleerder |
| **SAMRK** | Die Suid-Afrikaanse Menseregte Kommissie |

## 2. NUTTIGE TERME OP 'N MAKLIK VERSTAANBARE VORM EN WYSE VERDUIDELIK

| Term | Beskrywing |
|---|---|
| **Toegangsfooi** | Hierdie toegangsfooi word deur die aansoeker aan die liggaam vanwaar U die inligting aanvra, betaal. Dit is om die kostes verbonde aan die opsporing en kopiëring van die rekords wat U benodig te dek. Wat gedebiteer kan word, word deur die regulasie voorgeskryf. |
| **Administrateur** | Is 'n staatsorgaan of enige natuurlike of regspersoon wat administratiewe aksie neem. |

| Term | Beskrywing |
|---|---|
| **Administratiewe aksie** | Is enige besluit wat geneem is, of enige versuim om 'n besluit te neem, deur<br><br>(a) 'n staatsorgaan wanneer:<br>(i) 'n mag uitgeoefen word kragtens die Grondwet of 'n provinsiale grondwet; of<br>(ii) wanneer 'n openbare mag uitgeoefen word of 'n openbare funksie uitgevoer word kragtens enige wetgewing; of<br>(b) deur 'n natuurlike- of regspersoon, anders as 'n staatsorgaan, wanneer 'n openbare mag uitoefen of 'n openbare funksie uitgevoer word ingevolge 'n bemagtigende bepaling.<br><br>wat die regte van enige persoon nadelig beïnvloed en wat 'n direkte, eksterne regsgevolg het. |
| **Gemagtigde Persoon** | Die gemagtigde persoon is die persoon wat 'n versoek namens iemand anders rig, en wie skriftelik behoorlik gemagtig is om dit te doen. |
| **Outomaties Beskikbare Rekords** | Dit is die rekords wat 'n openbare of privaat liggaam aan 'n versoeker beskikbaar sal maak sonder dat hulle 'n versoek hoef te rig. Hierdie rekords word in 'n 'vrywillige openbaarmakingskennisgewing' gelys, wat openbaar gemaak moet word. |
| **Betrokkene** | Is die persoon tot wie persoonlike inligting betrekking het. |
| **Dae** | Tensy aangedui as 'n 'werksdag' in 'n artikel in die **PAIA**-wet, word 'n dag as 'n kalender dag geag. Om die tydperk te bereken, word die dag waarop die versoek ontvang is, uitgesluit, en elke dag daarna word ingesluit, insluitende naweke en openbare vakansiedae totdat die finale dag getel word. Indien die laaste dag om 'n versoek te reageer op 'n Sondag of 'n openbare vakansiedag val, word die volgende dag as die laaste dag getel. |
| **Vermeende Weiering** | Indien geen respons ontvang is op 'n versoek binne die voorgeskrewe tyd, word dit as vermeende weiering geag. |
| **Vorm 2** | Hierdie vorm word volgens regulasie voorgeskryf en moet gebruik word om toegang tot inligting wat deur 'n openbare of privaat liggaam gehou word, aan te vra. |
| **Vorm 4** | Hierdie vorm word volgens regulasie voorgeskryf en moet gebruik word wanneer appèl aangeteken word teen 'n besluit wat deur 'n openbare liggaam geneem is met betrekking tot 'n versoek om toegang tot inligting. |

| Term | Beskrywing |
|---|---|
| **GIDS** | Hierdie gids, gemaak ter nastrewing van Artikel 10 van die **PAIA**-wet, soos gewysig, het ten doel om 'n persoon te help wat beoog om enige reg uit te oefen wat in die **PAIA**-wet en die Beskerming van Persoonlike Inligting Wet, 2013 oorweeg is. |
| **Inligtingsbeampte** | Die Inligtingsbeampte is die persoon wat gemagtig is om **PAIA**-versoeke te hanteer. Die volgende is kategorieë van inligtingsbeamptes per spesifieke liggaam - |

| | | |
|---|---|---|
| **Openbare liggaam of staatsorgaan** (soos omskryf in artikel 239 van die Grondwet) | Nasionale Departement | Direkteur-generaal of die persoon wat sodanig optree |
| | Provinsiale Administrasie | Die Hoof van die Departement of die persoon wat sodanig optree. |
| | Munisipaliteit | Munisipale bestuurder of die persoon sodanig optree |
| | Openbare instellings gelys in WOFB Bylae 1, 2, 3A en 3B, 3C en 3D | Hoof-uitvoerende beampte of die persoon wat sodanig optree |
| **Privaat liggaam** | Natuurlike persoon | Alleeneienaar wat enige bedryf, beroep of professie beoefen, maar slegs in sodanige hoedanigheid en nie in sy persoonlike hoedanigheid nie |
| | Vennootskap | Enige vennoot van die vennootskap of enige persoon wat behoorlik gemagtig is deur die vennootskap. |
| | Politieke party | Die leier van die politieke party of enige persoon wat behoorlik gemagtig is deur daardie leier. |

PAIA

<table>
<tr><th>Term</th><th>Beskrywing</th></tr>
<tr><td>Inligtingsbeampte</td><td><table><tr><td></td><td>Regspersoon</td><td>Hoof- uitvoerende beampte of die besturende direkteur of ekwivalente beampte van die regspersoon of enige persoon wat behoorlik gemagtig is deur daardie beampte.<br><br>NB: Die Hoof- uitvoerende beampte of ekwivalente beampte mag enige natuurlike persoon as inligtingsbeampte van 'n privaatliggaam magtig.</td></tr></table></td></tr>
<tr><td>Adjunk-inligtingsbeampte</td><td>Die Adjunk-Inligtingsbeampte is die aangewese persoon of gedelegeer deur die Inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam om die versoeker met hul inligtingsversoek te help, en aan wie die inligtingsbeampte PAIA-magte kan delegeer.<br><br>NB: Terwyl slegs 'n openbare liggaam 'n Adjunk-Inligtingsbeampte(s), kragtens artikel 17(1) van die PAIA-wet mag aanstel of delegeer, verleen die wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (“POPI-wet”) magtiging aan die privaat liggaam om 'n Adjunk-inligtingsbeampte aan te wys kragtens Artikel 56(1) daarvan.</td></tr>
<tr><td>Inligtings-reguleerder</td><td>Die kantoor van die Inligtingsreguleerder is gevestig, ingevolge artikel 39 van die POPI-wet om voldoening aan beide die POPI- en PAIA-wet af te dwing en te monitor. In hierdie Gids word die Kantoor van die Inligtingsreguleerder of die Inligtingsreguleerder na verwys as die Reguleerder.</td></tr>
<tr><td>Interne Appèl</td><td>'n Interne appèl is die proses om 'n beslissing wat ingevolge 'n PAIA-versoek aan 'n openbare liggaam uit te daag, dit moet voltooi wees voordat 'n wraking aan die Reguleerder of 'n hof met jurisdiksie gerig kan word.</td></tr>
<tr><td>Privaat Liggaam</td><td>'n Privaat liggaam is 'n persoon, maatskappy of ander soort regspersoon wat 'n ambag, besigheid of beroep bestuur, insluitend 'n politieke party.</td></tr>
</table>

| Term | Beskrywing |
|---|---|
| **Openbare Liggaam** | Desnieteenstaande, met betrekking tot interne appèl, is enige verwysing na 'n "openbare liggaam" verander na "Regering", ten einde enige verwarring te vermy ten opsigte openbare liggame waarop die appèl nie van toepassing is nie. |
| **Rekord** | 'n Rekord is enige opgetekende inligting, ongeag die vorm, met inbegrip van, byvoorbeeld, geskrewe dokumente, oudio-, digitale- en video opnames. 'n Rekord wat versoek word van 'n openbare of privaat liggaam verwys na 'n rekord wat in daardie liggaam se besit is, ongeag of daardie liggaam die rekord geskep het. |
| **Regulasies** | Die **PAIA**-wet maak voorsiening vir die Minister om regulasies wat die Wet aanvul uit te reik, dit moet in die Staatskoerant gepubliseer word, en kwessies soos die vorms moet gebruik moet word en fooie wat gehef kan word vir sekere prosesse, dek. |
| **Relevante Owerheid** | Die **PAIA**-wet gebruik die term 'betrokke owerheid' om die persoon binne 'n Nasionale, Provinsiale en Plaaslike Regering te definieer, aan wie 'n interne appèl gerig moet word, wat algemeen die politieke hoof van die betrokke liggaam is (hierdie funksie kan amptelik gedelegeer word). |

## 3. KONTAKBESONDERHEDE VAN DIE REGULEERDER

**Inligtingsbeampte**

| | |
|---|---|
| **Hoof-Uitvoerende Beampte:** | Mr. Mosalanyane Mosala |
| **Kontakpersoon:** | Me. Ntombizodwa Harrieth Rikhotso |
| **Tel No:** | +27 (0) 10 023 5207 |
| **E-pos:** | NtoRikhotso@justice.gov.za |
| **Adjunk-inligtingsbeampte:** | Me. Varsha Sewlal |
| **Tel No:** | +27 (0) 10 023 5214 |
| **E-pos:** | VarSewlal@justice.gov.za |

**Fisiese adres:**
JD House, 27 Stiemens Street
Braamfontein
Johannesburg
2001

**Posadres:**
POSBUS 31533
Braamfontein
Johannesburg
2017

**Telefoon:**
010 023 5200

## 4. DOEL VAN HIERDE PAIA-GIDS

4.1 Die doel van hierdie gids is om inligting te verskaf wat benodig word deur enige persoon wat beoog om enige reg uit te oefen wat in die Wet op Bevordering van Toegang tot inligting van 2000 (**PAIA**-wet) en Die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 ("**POPI**-wet") vervat word. Enige persoon ongeag van burgerskap, kan aansoek doen om toegang tot inligting ingevolge die **PAIA**-wet.

4.2 Hierdie gids sal 'n persoon, wat ook na verwys word as 'n betrokkene, help oor hoe om toegang tot sy / haar persoonlike inligting kragtens artikel 23 van die **POPIA**-wet te verkry. Onder die **POPI**-wet, het 'n persoon of betrokkene die reg om -

4.2.1 'n verantwoordelike party te versoek om gratis, te bevestig of die verantwoordelike party persoonlike inligting oor hulle besit of nie, en

4.2.2 om van 'n verantwoordelike party die rekord of 'n beskrywing van die persoonlike inligting oor die betrokkene wat deur die verantwoordelike party gehou word aan te vra, waaronder inligting oor die identiteit van alle derde partye, of kategorieë van derde partye, wat toegang tot die inligting het of reeds gehad het;

4.2.3 'n verantwoordelike party versoek om -

(a) persoonlike inligting oor die betrokkene in sy besit of onder sy beheer wat verkeerd, irrelevant, oormatig, verouderd, onvolledig, misleidend of onwettig verkry is te korrigeer of uit te wis; of

(b) om 'n rekord wat persoonlike inligting oor die betrokkene bevat wat die verantwoordelike party nie meer gemagtig is om te behou nie, te vernietig of uit te wis.

4.3 Hierdie Gids sal ook enige persoon help oor hoe om aansoek te doen om toegang tot rekords ingevolge die **PAIA**-wet te verkry. Die gids sal Versoekers ook help om:

4.3.1 die **PAIA**-wet, sy voordele en agtergrond te verstaan;

4.3.2 die stapsgewyse proses waardeur 'n versoek gerig word en bykomende wenke wat die proses vergemaklik te leer;

4.3.3 die soorte inligting wat deur die gebruik van die **PAIA**-wet bekom kan word, te leer;

4.3.4 begrip te hê van die proses waardeur 'n versoeker 'n beslissing wat in verband met hul versoek gemaak is, te daag;

4.3.5 vergewissing van die veranderinge wat in die **PAIA**-wet sal plaasvind sodra die **POPIA**-wet ten volle in werking tree.

4.4 Hierdie gids sal ook mense help om te verstaan hoe om die verlening van toegang tot hul rekords te daag of hoe om deel te neem aan die proses om toegang tot hul rekords te verkry.

## 5. OOR PAIA

5.1 Die reg op toegang tot inligting is "een van die mees effektiewe wyses waarop die grondwetlike waardes van deursigtigheid en openheid, deelname en aanspreeklikheid gehandhaaf word".[2] Die bogenoemde grondwetlike waardes kan nie bereik word indien die regering 'n monopolie het op die inligting wat sy aksies en besluite dryf, het nie. Dus, is toegang tot inligting nie net fundamenteel tot 'n behoorlik funksionerende, deelnemende demokrasie nie, maar dit verhoog ook die openbare vertroue in die regering en verskerp die regmatigheid daarvan. Ander voordele van die reg op toegang tot inligting is byvoorbeeld dat dit bedrog en korrupsie, onsekerheid en ander onbehoorlike regeringsoptredes ontmoedig.

5.2 Toe die Suid-Afrikaanse Grondwet in die tydperk na die val van Apartheid in die 1990's opgestel is, het verskillende organisasies en individue veldtogte geloods vir die insluiting vir 'n reg van toegang tot inligting. Daar is gehoop dat die insluiting van hierdie reg in die Handves van Regte sou verseker dat gruweldade soos Apartheid nooit weer sou kon plaasvind nie, aangesien die staat en privaat maatskappye verplig sou wees om op 'n verantwoordbare en deursigtige wyse op te tree deur die voorsiening van toegang tot inligting, en sou dus nie kon wegkruip agter die dekmantel van geheimhouding nie. Dit was beskou as 'n noodsaaklike stap om te help om 'n kultuur van regverdiging te skep, wat sou lei tot regverdiger verhoudings tussen mense, en diegene in gesagsposisies. In een van die vroegste sake wat handel oor hoe om die vraag te hanteer of 'n beskuldigde geregtig is op toegang tot al die inligting vervat in die polisie akte, het[3] Jones J die belangrikheid daarvan in hierdie terme erken:

***"Die doel ... is om die ewigdurendheid van die ou administrasiestelsel uit te sluit, 'n stelsel waarin dit moontlik was vir die regering aanspreeklikheid te ontsnap deur te weier om inligting te openbaar, selfs al het dit betrekking gehad op die uitoefening of beskerming van die regte van die individu. Dit is die misstand wat dit ontwerp is om te verhoed [...] Aantoonbare eerlikheid en openheid bevorder openbare vertroue in die administrasie van openbare sake oor die algemeen. Hierdie vertroue is een van die kenmerke van die demokraties regerende samelewing waarvoor die Grondwet hom beywer ".***

[2] *Hoexter Administratiewe Wet 94*
[3] *1994 (1) SACR 635 (E)*

5.3 Artikel 32 van die Grondwet verskans die reg van toegang tot inligting wat gehou word deur beide openbare en private liggame. Artikel 32 bepaal ook dat wetgewing verorden moet word om uitvoering te gee aan die reg van toegang tot inligting deur oor die maniere waarop inligting verkry van openbare en privaat liggame kan verkry word, en deur die verskaffing van gronde waarop 'n openbare en private liggaam kan weier om toegang tot inligting.

5.4 Die **PAIA**-wet is uitgevaardig in reaksie op die bogenoemde grondwetlike mandaat, en groot deel daarvan is in Maart 2001 in werking gestel. Die aanhef erken die "geheimsinnige en onresponsiewe kultuur" van die pre-demokratiese era, en beweer dat een van die oogmerke van die **PAIA**-wet is om "'n kultuur van deursigtigheid en verantwoordbaarheid in openbare en privaat liggame te kweek."

5.5 Die **PAIA**-wet het ten doel uitvoering te verleen aan 'n persoon se regte op toegang tot inligting en aanspreeklikheid. Dit is ontwerp om mense te bemagtig om die wet te gebruik, en op die wyse help dit om toegang tot inligting op verskillende wyses te versoek. 'n Mens hoef nie 'n prokureur aan te stel om 'n versoek om toegang tot inligting ingevolge die **PAIA**-wet te rig nie.

## 6. DIE OOGMERKE VAN DIE PAIA-WET

6.1 Die oogmerke van die **PAIA**-wet is nie om die grondwetlike reg te vervang nie, maar is om die regte in artikel 32 ten uitvoering te bring, onderhewig aan verdedigbare verjaringstermyne, en op so 'n wyse al die ander regte vervat in die Grondwet te help balanseer. Dit beoog om 'n kultuur van menseregte en maatskaplike geregtigheid vir die mense, die openbare sektor en die private sektor te bevorder. Die **PAIA**-wet beoog om deursigtigheid, verantwoordingspligtigheid en doeltreffende bestuur van alle instansies (beide openbaar en privaat) te bevorder deur die bemagtiging van mense hul regte tot toegang tot inligting te verstaan, daarvolgens op te tree en om besluite wat hulle raak te ondersoek en oorweeg.

6.2 Die reg van toegang tot inligting is 'n baie kragtige grondwetlike reg, omdat dit mense help om hul ander regte te verwesenlik. 'n Persoon kan dit gebruik om die lewering van regeringsdienste te help monitor en assesseer, of om toegang te verkry tot historiese rekords wat van belang kan wees.

6.3 Die oogmerke van die **PAIA**-wet is -

6.3.1 om grondwetlike regte ten uitvoering te bring om

6.3.1.1 enige inligting wat deur die staat gehou word; en

6.3.1.2 enige inligting wat deur 'n ander persoon gehou word en wat nodig is vir die uitoefening of beskerming van enige regte.

- Die vereiste met betrekking tot die beskerming van regte is beperk tot inligting wat in private hande geberg word. Private liggame is dus onderhewig aan 'n lakser deursigtigheidstandaard as openbare liggame. Met ander woorde, die privaat sektor is daarop geregtig om die inligting vir homself te hou, tensy daardie inligting benodig word vir die beskerming van die regte.
- Die **PAIA**-wet erken, kragtens artikel 8(1) daarvan dat 'n liggaam "openbaar" of "privaat" mag wees vir die doeleindes van die Wet, afhangend van of die rekord ter sprake "verband hou met die uitoefening van 'n mag of die verrigting van 'n funksie as 'n openbare liggaam of privaatliggaam."

6.3.2 om uitvoering te gee aan daardie reg -

6.3.2.1 onderhewig aan verdedigbare verjaringstermyne, met inbegrip van, maar nie beperk tot, die verjaringstermyne wat gemik is op die regverdige beskerming van privaatheid, kommersiële vertroulikheid en doeltreffende, effektiewe en goeie regering; en

6.3.2.2 op 'n wyse wat daardie reg met enige ander regte, insluitend die regte vervat in die Handves van Regte in Hoofstuk 2 van die Grondwet balanseer;

6.3.3 uitvoering te gee aan die grondwetlike verpligtinge van die staat om 'n menseregtekultuur en sosiale geregtigheid te bevorder, deur openbare liggame by die omskrywing van 'aansoeker' in te sluit, en hulle onder meer toe te laat om toegang tot inligting van privaatliggame te verkry na voldoening aan die vier vereistes in hierdie Wet, insluitend 'n bykomende verpligting vir sekere openbare liggame in sekere gevalle om in die openbare belang op te tree;

6.3.4 om vrywillige en verpligte meganismes of prosedures in te stel om daardie reg uit te voer op 'n wyse wat persone in staat stel om so vinnig, goedkoop en moeiteloos as redelikerwys toegang tot rekords van openbare en private liggame te verkry; en

6.3.5 om oor die algemeen deursigtigheid, aanspreeklikheid en effektiewe bestuur van alle openbare en private liggame te bevorder deur, insluitend maar nie beperk nie tot, die bemagtiging en opvoeding van almal -

6.3.5.1 om hul regte met betrekking tot hierdie Wet te verstaan ten einde hul regte met betrekking tot openbare en private liggame uit te oefen;

6.3.5.2 om die funksies en werking van openbare liggame te verstaan; en

6.3.5.3 om besluitneming deur openbare liggame wat hul regte beïnvloed, effektief te ondersoek en daaraan deel te neem.

6.4 Die Bevordering van Toegang tot Inligting Wysigingswet, 2019

6.4.1 In die saak van ***My Vote Counts NPC v Minister of Justice and Correctional Services and Another*** **[2018] ZACC 17**, het die Konstitusionele Hof voorgehou dat die Staat 'n verpligting het wat voortspruit uit lees van artikels 32, 19 en 7(2) van die Grondwet en is onderhewig daaraan om als redelik moontlik te doen om die reg om toegang tot inligting en die reg om te stem verwesenlikbaar te maak. Die meerderheid het verder voorgehou dat dit so is omdat die reg om te stem 'n ingeligte keuse moet wees, en daar 'n kern verband is tussen die behoorlike uitoefening van die reg om te stem en die reg om toegang tot inligting is. En "sonder toegang tot inligting, word die vermoë van burgers om verantwoordelike politieke besluite te neem en op 'n betekenisvolle wyse in die samelewing deel te neem, ondermyn. Die Konstitusionele Hof het die bevel van grondwetlike ongeldigheid bevestig en die Parlement beveel om die **PAIA**-wet te wysig en enige ander stappe wat dit nodig ag te neem om te voorsien vir die beskerming van rekords en om redelikerwyse toegang tot inligting oor die private befondsing van politieke party en onafhanklike kandidate binne 'n periode van 18 maande te fasiliteer.

6.4.2 In ooreenstemming met die bogenoemde beslissing van die Konstitusionele Hof, het die President op 3 Junie 2019, die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2019, (**PAIA**-wysigingswet 2019), bekragtig.[4] Die **PAIA**-wysigingswet 2019, sluit 'n politieke party in die definisie van 'n privaat liggaam in, wat uiteindelik beteken dat die leier van 'n politieke party of enige persoon wat behoorlik gemagtig is deur daardie leier, ʼn Inligtingsbeampte of hoof is. Die **PAIA**-wysigingswet 2019 verleen nou ook die reg om toegang tot enige rekords van die politieke party.

6.4.3 Die gewysigde Wet maak voorsiening vir inligting oor die privaat befondsing van politieke partye en onafhanklike kandidate om genotuleer, bewaar en beskikbaar gemaak te word.

6.4.4 Kragtens Artikel 52A van die **PAIA**-wysigingswet 2013, moet die hoof van 'n politieke party rekords skep en hou van enige skenkings wat die voorgeskrewe drempel van **R100 000.00** oorskry, wat aan die politieke party in enige gegewe finansiële jaar gemaak is asook die identiteite van die persone of entiteite wat sulke skenkings gemaak het. Die hoof van 'n politieke party word ook verplig om dié rekords op 'n kwartaallikse basis beskikbaar te maak, soos voorgeskryf; en die rekords vir 'n periode van minstens vyf jaar nadat die betrokke rekords geskep is, te hou.

[4] *Bevordering van Toegang tot Inligting Wysigingswet, No. 31 van 2019*

6.4.5 Dit beteken dat terwyl die Politieke Partye Befondsingswet voorsiening maak vir die verpligte bekendmaking aan die Verkiesingskommissie, verleen die **PAIA**-wysigingswet die reg van toegang tot rekords, tot die rekords van enige skenking aan die politieke party wat **R100 000.00** oorskry, aan enige persoon.

6.5 Ander wetgewing wat die reg van toegang tot inligting beskerm

Die **PAIA**-wet bestaan binne 'n hele regsomgewing, waar dit ontwikkel is om 'n "kultuur van verantwoording" te skep Ter herkenning hiervan, stel die **PAIA**-wet dat enige ander wet wat dit moontlik maak om die inligting om 'n makliker wyse te bekom, eerder gebruik mag word.[5]

6.5.1 Maatskappyewet 71 van 2008

6.5.1.1 Artikel 26(1) van die Maatskappyewet bied aan 'n persoon wat 'n voordelige belang het in of sekuriteite wat deur 'n winsmaatskappy uitgereik word, of wat 'n lid is van 'n maatskappy sonder winsoogmerk, en het die reg om dit te inspekteer en te kopieer, sonder enige heffing vir sodanige inspeksie of teen betaling van nie meer as die voorgeskrewe maksimum koste vir sodanige eksemplaar nie, die inligting vervat in die rekords van die maatskappy.

6.5.1.2 Kragtens Artikel 26(7)(b) van die Maatskappyewet, is “die regte om toegang tot inligting wat in hierdie artikel uiteengesit is, ter aanvulling en nie as vervanging van enige regte wat 'n persoon mag hê tot toegang tot inligting nie, kragtens die Bevordering van Toegang tot Inligting Wet, 2000 (Wet No. 2 van 2000)”.

6.5.2 Die Wet op die Befondsing van Politieke Partye, 2018 (Wet No.6 van die 2018)

6.5.2.1 Die Wet op die Befondsing van Politieke Partye stel 'n streng reguleringsraamwerk in vir die privaat befondsing van alle geregistreerde politieke partye, hetsy in die nasionale en provinsiale wetgewers verteenwoordig word of nie. Dit sluit in die stel van perke vir die bron, grootte en gebruik van geskenkte fondse deur politieke partye.

6.5.2.2 Om deursigtigheid en aanspreeklikheid te verseker, moet politieke partye elke drie maande (sowel as voor die algemene verkiesing) alle donasies wat bo die openbaarmakingsdrempel van **R100 000.00** ontvang word, bekend maak.

[5] *Artikel 2 (1) van die PAIA-wet*

6.5.2.3 Enige persoon of organisasie wat 'n skenking maak aan 'n politieke party wat **R100 000.00** per jaar afsonderlik of kumulatief oorskry, moet die skenking binne 30 dae na die skenking aan die verkiesingskommissie rapporteer, of binne 30 dae nadat die kumulatiewe skenkings meer as **R100 000.00** was.

6.5.2.4 Laastens lê die Wet op die Befondsing van Politieke Party 'n verpligting op die Verkiesingskommissie om elke drie maande die donasies wat deur politieke partye gerapporteer is, bekend te maak en jaarliks aan die Parlement verslag te doen oor alle donasies wat gedurende die jaar aan politieke partye gemaak is.

6.5.3 Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013(Wet No.4 van 2013)

6.5.3.1 Artikel 23 van **POPI**-wet bied aan die betrokkene die reg op toegang tot persoonlike inligting wat deur die verantwoordelike party gehou word, insluitend inligting oor die identiteit van alle derde partye, of kategorieë van derde partye, wat toegang tot die inligting het, of gehad het.

6.5.3.2 Dit beteken dat hoewel toegang tot 'n rekord wat persoonlike inligting oor 'n aansoeker bevat, uitgesluit is van **PAIA**-wet ingevolge Artikel 11 (2) daarvan, kan die betrokkene versoek om -

6.5.3.2.1 toegang tot sy/haar persoonlike inligting te verkry; en/of

6.5.3.2.2 die identiteit van alle derde partye, en / of kategorieë van derde partye, toegang tot die inligting het of gehad het.

6.5.3.2.3 regstelling of verwydering van persoonlike inligting oor die betrokkene in sy besit of onder sy beheer wat onakkuraat, irrelevant, buitensporig, verouderd, onvolledig, misleidend of onwettig verkry is;

6.5.3.2.4 die rekord van sy/haar persoonlike inligting wat die verantwoordbare party nie meer gemagtig is om te hou nie, vernietig of uitgewis moet word.

6.5.3.3 'n Verantwoordelike party kan weier om enige persoonlike inligting bekend te maak, in ooreenstemming met die gronde vir die weiering van toegang tot rekords, soos uiteengesit in paragraaf 19.4 hieronder.

6.5.4 Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid 3 van 2000

6.5.4.1 'n Ander belangrike wet wat u moet onthou wanneer u toegang tot inligting oorweeg, is die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (**PAJA**). Die **PAJA**-wet gee uitvoering aan die reg tot administratiewe optrede wat wettig, redelik en prosedureel billik is en aan die reg tot skriftelike redes vir administratiewe optrede soos oorweeg in artikel 33 (2) van die Grondwet.[6]

6.5.4.2 Ingevolge artikel 5 (1) van die **PAJA**-wet kan enigiemand wie se regte wesenlik en nadelig beïnvloed is deur administratiewe optrede en wat nie redes vir die aksie gegee is nie, binne 90 dae na die datum waarop daardie persoon van die optrede of redelikerwys sou verwag word dat hy van die optrede bewus geword het, die betrokke administrateur versoek om skriftelike redes vir die aksie te verskaf. Die administrateur aan wie die versoek gerig is, moet daardie persoon binne 90 dae na ontvangs van die versoek voldoende **skriftelike rede gee vir die administratiewe optrede.**

## 7. VESTIGING VAN DIE INLIGTINGSREGULEERDER

7.1 Om die bevordering en verbetering van die **PAIA**-doelstellings te verseker, wat die reg op toegang tot inligting moet bewerkstellig op so 'n wyse dat dit mense in staat stel om so vinnig en goedkoop as redelikerwys toegang tot rekords van openbare en private liggame te verkry, is die Inligtingsreguleerder ("Die Reguleerder") ingestel ingevolge artikel 39 van **POPI**-wet.

7.2 Om te verseker dat ongekompliseerde en goedkoop administratiewe prosedures volg wanneer 'n versoek om toegang tot inligting gerig word, moet klagtes by die Reguleerder en hofaansoeke die uitsondering eerder as die reël wees.

7.3 Die **POPI**-wet wysig die rol van die SAMRK in verband met die **PAIA**-mandaat. Met ingang van 30 Junie 2021 sal al die funksies van die SAMRK, soos uiteengesit in **PAIA**-wet, hanteer word deur die Reguleerder, wat ook addisionele handhawingsbevoegdhede het. Die **POPI**-wet wysig die rol van die SAMRK met betrekking tot die **PAIA**-wet se mandaat.

7.4 Terwyl die SAMRK steeds sy breër grondwetlike verpligtinge sal handhaaf om die regte soos vervat in die Handves van Menseregte te bevorder, te beskerm en te monitor, sal die SAMRK en die Reguleerder nou saamwerk.

[6] *Elkeen wie se regte nadelig geraak is deur administratiewe optrede het die reg tot die verskaffing van skriftelike redes.*

## 8. DIE ROL VAN DIE INLIGTINGSREGULEERDER

8.1 Die Reguleerder het 'n baie belangrike rol ten opsigte van die **PAIA**-wet. Die Reguleerder het 'n mandaat van die **PAIA**-wet in Deel 4, Hoofstuk 1A en deel 5 en ander afdelings om:

8.1.1 Die reg van toegang tot inligting te bevorder en om die publiek te help met die gebruik van die **PAIA**-wet waar redelikerwys moontlik is om dit te doen.

8.1.2 Die **PAIA**-wet te monitor en die implementering daarvan te bevorder in openbare en privaat liggame (wat ook die bevordering van doeltreffende wyses om inligting tydig beskikbaar te maak, insluit)

8.1.3 Aanbevelings te maak om die **PAIA**-wet te versterk, en

8.1.4 jaarliks aan die Parlement verslag te doen.

8.2 Artikel 77C (1) en (2) van die **PAIA**-wet maak voorsiening vir die volgende magte, pligte en funksies van die reguleerder, om -

8.2.1 'n klagte wat op die voorgeskrewe wyse aan die Reguleerder gerig is, te ondersoek;

8.2.2 die klag na die Afdwingingskomitee, ingestel ingevolge artikel 50 van die **POPI**-wet, te verwys; of

8.2.3 in ooreenstemming met artikel 77D te beslis om geen aksie op die klagte of te neem nie, of na gelang van die geval, geen verdere optrede verlang ten opsigte van die klagte; en

8.2.4 waar toepaslik, as bemiddelaar op te tree met betrekking tot sodanige klagte op die voorgeskrewe wyse.

8.3 Die Reguleerder kan, ingevolge artikel 77H (1) van die **PAIA**-wet, en op eie inisiatief, of op versoek van of namens 'n inligtingsbeampte of hoof van 'n private liggaam of enige ander persoon, 'n beoordeling doen, hetsy 'n openbare of private liggaam voldoen gewoonlik aan die bepalings van **PAIA**, vir sover dit sy beleid en implementeringsprosedures betref.

8.4 Die Reguleerder is gemagtig om, ingevolge artikel 77F van **PAIA**, sy beste poging aan te wend om 'n klag te besleg, indien dit blyk uit die klag, of enige skriftelike antwoord wat daarop gerig is dat dit moontlik is om die klag te besleg. Dit beteken dat die Reguleerder slegs kan probeer om partye te help om hul geskille te besleg, indien daar 'n klag by die Reguleerder ingedien word, tensy hy op eie inisiatief besluit het om 'n beoordeling uit te voer, soos uiteengesit in paragraaf 8.3 hierbo.

## 9. VERSOEK OM 'N REKORD RIG

Verwys asseblief na die stapsgewyse prosesvloeidiagram in Paragraaf 27 hieronder oor hoe om aansoek te doen om toegang tot die rekords te verkry.

9.1 Om mee te begin: **Die PAIA-handleiding**

9.1.1 Alhoewel hierdie gids gepubliseer is om die publiek uit alle vlakke van die samelewing te help om hul grondwetlike reg op toegang tot inligting te handhaaf, is daar ander bronne van inligting wat 'n persoon ook kan help om 'n versoek tot toegang tot rekords te rig. **PAIA** vereis dat alle openbare liggame en private liggame 'n **PAIA**-handleiding opstel en beskikbaar stel.[7]

9.1.2 Voordat iemand stappe doen om toegang te verkry tot die inligting of rekords van 'n bepaalde liggaam, is die **PAIA**-gids die eerste instrument om te lees.

9.1.3 Die **PAIA**-gids is op sy mees basiese manier nuttig vir iemand om:

9.1.3.1 die aard van die rekords wat reeds beskikbaar is, na te gaan sonder om 'n formele **PAIA**-versoek in te dien;

9.1.3.2 'n begrip hê van hoe u 'n versoek kan rig om toegang tot inligting wat deur 'n bepaalde liggaam bewaar word;

9.1.3.3 toegang te verkry tot alle relevante kontakbesonderhede van die persoon wat die publiek sal help met die rekords waarvoor iemand toegang wil verkry;

9.1.3.4 te weet wat al die beskikbare middele by die instansie waartoe toegang tot die rekords gevra word is, voordat u die Reguleerder of die Howe nader;

9.1.3.5 die beskrywing van die dienste vanaf die liggaam wat aan lede van die publiek beskikbaar is, te ken en hoe om toegang tot daardie dienste te verkry;

9.1.3.6 weet of die liggaam persoonlike inligting sal verwerk, die doel van die verwerking van persoonlike inligting en die beskrywing van die kategorieë van die betrokkene en van die inligting of kategorieë van inligting wat daarmee verband hou;

9.1.3.7 weet of die liggaam beplan het om 'n persoon se persoonlike inligting oor te dra of te verwerk buite die Republiek van Suid-Afrika; en

[7] *Artikel 14 en artikel 51 van die PAIA-wet*

9.1.3.8 weet of die liggaam toepaslike veiligheidsmaatreëls het om die vertroulikheid, integriteit en beskikbaarheid van die inligting wat verwerk gaan word, te verseker.

## 9.2 Waar om PAIA-Gids te vind?

### 9.2.1 **PAIA**-GIDS van openbare liggame

9.2.1.1 Alle openbare liggame moet die **PAIA**-gids geredelik beskikbaar maak in ten minste drie amptelike tale.[8]

9.2.1.2 Op die aller minste word hulle genoop om 'n kopie van 'n **PAIA**-gids vrylik beskikbaar te stel, tensy 'n gedrukte kopie aangevra word -

9.2.1.2.1 op die webtuiste van die openbare liggaam;

9.2.1.2.2 by die hoof kantoor van die openbare liggaam vir openbare besigtiging gedurende normale besigheidsure;

9.2.1.2.3 indien 'n persoon 'n harde kopie wil hê, moet die openbare liggaam 'n afskrif maak, maar dit mag 'n fooi hef vir die lewering van gegewe afskrif; en

9.2.1.3.4 op versoek aan die Reguleerder.

### 9.2.2 **PAIA**-gids van privaatliggame

9.2.2.1 Privaat liggame word ook verplig om 'n **PAIA**-gids saam te stel, maar daar is geen vereiste om dit in meer as een taal of in 'n spesifieke taal saam te stel nie, hoewel dit aanbeveel word dat die **PAIA**-gids van privaat liggame ten minste in Engels moet wees.[9] Indien 'n spesifieke liggaam dienste lewer aan 'n meerderheid mense wat nie formele onderrig het nie, beveel die Reguleerder aand dat die gids van daardie liggaam ook in enige ander amptelike taal beskikbaar moet wees.

9.2.2.2 Op die aller minste word privaat liggame verplig om 'n kopie van 'n **PAIA**-gids vrylik beskikbaar te stel, tensy 'n gedrukte kopie aangevra word - [10]

9.2.2.2.1 op die webtuiste van die privaat liggaam;

9.2.2.2.2 by die hoof sakeperseel van die privaat liggaam vir openbare besigtiging gedurende normale werksure;

[8] *Artikel 14 (1) van die PAIA-wet*
[9] *Kragtens artikel 51 van die PAIA-wet*
[10] *Artikel 51(3) van die PAIA-wet*

9.2.2.2.3 indien 'n persoon 'n harde kopie verlang, moet die privaat liggaam 'n afskrif maak, maar mag aandring op betaling van 'n billike fooi vir die voorsiening van die harde kopie en

9.2.2.2.4 op versoek aan die Reguleerder.

9.2.3 Die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste het die magte om sekere privaat liggame of kategorieë van privaat liggame vry te stel van die verpligting om 'n gids saam te stel.[11] Tans, en tot en met **31 Desember 2021**, het die Minister alle privaat liggame vrygestel, met die uitsondering van enige maatskappy wat[12] -

(a) nie 'n privaat maatskappy, soos omskryf in Artikel 1 van die Maatskappyewet, 2008 (Wet No 71 van 2008) is nie; en

(b) 'n privaat maatskappy is soos omskryf in Artikel 1 van die Maatskappyewet, 2008 (Wet No 71 van 2008) wat handel in enige van die sektore genoem in kolom 1 van die skedule tot hierdie kennisgewing en -

(i) 50 of meer werknemers in diens het; of

(ii) 'n totale jaarlikse omset het wat gelykstaande of oorskrydend is aan die toepaslike bedrag genoem in kolom 2 van die onderstaande tabel.

van die samestelling van die gids oorweeg in Artikel 51(1) van die eersgenoemde Wet vir 'n periode van ses (6) maande vanaf **1 Julie 2021** tot **31 Desember2021**: -

| Sektor | Jaarlikse omset |
|---|---|
| Landbou | R6 miljoen |
| Mynbou en Steengroefwerk | R22.5 miljoen |
| Nywerheid | R30 miljoen |
| Elektrisiteit, gas en water | R30 miljoen |
| Konstruksie | R15 miljoen |
| Handel en Motorhandel en hersteldienste | R45 miljoen |
| Groothandel, kommersiële agente en verwante dienste | R75 miljoen |
| Spysenering, Akkommodasie en ander handel | R15 miljoen |
| Vervoer, opberging en kommunikasie | R30 miljoen |
| Finansiële- en Skakeldienste | R30 miljoen |
| Gemeenskaps-, spesiale en persoonlike dienste | R15 miljoen |

[11] *Artikel 51(4) van die PAIA-wet*
[12] *Staatskoerant No: 39504, 11 Desember 2015*

9.2.4 Vanweë die belangrikheid van die wetlike vereiste vir die samestelling van die **PAIA**-handeleiding, veral die wysiging van artikel 51 van die **PAIA**-wet (wat op 30 Junie 2021 in werking tree), ingevolge waarvan die omvang van die inligting wat die gids moet dek, verbreed is om aangeleenthede rakende die **POPI**-wet in te sluit, sal privaat liggame nie meer vrygestel word van die verpligting om die **PAIA**-gids saam te stel nie[13]. Daarom word elke privaat en openbare liggaam verplig om vanaf **1 Januarie 2022** hul **PAIA**-handleiding beskikbaar te hê, soos voorgeskryf in paragraaf 9.2.2.2 hierbo.

9.2.5 Die vrystelling van privaat maatskappye van die verpligting om die **PAIA**-handleiding saam te stel, stel die privaat ondernemings nie vry van nakoming van die **PAIA**-wet nie. Dit beteken dat enige persoon steeds 'n versoek om toegang tot inligting aan die vrygestelde privaat liggaam kan indien. Die vrystelling beteken net dat daardie private ondernemings nie 'n **PAIA**-gids hoef op te stel nie.

9.2.6 Onthou ook dat nie alle privaat liggame maatskappye is nie, want die omskrywing van privaat liggaam sluit natuurlike persoon, eenmansaak en vennootskap in. Dit kan egter steeds die moeite werd wees om hul webtuiste na te gaan, aangesien sommige maatskappye 'n **PAIA**-handleiding opstel ongeag die aantal werknemers of hul jaarlikse omset.

9.3 Vrywillige openbaarmaking en outomatiese beskikbaarheid van sekere rekords

9.3.1 Outomaties beskikbare rekords is rekords wat 'n openbare of privaat liggaam sal verskaf sonder dat die versoeker 'n **PAIA**-versoek hoef in te dien (met ander woorde, iemand kan dit net aanvra sonder om die **PAIA**-vorm 2 in te vul).

9.3.2 Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam moet ingevolge artikel 15 (1) van **PAIA** 'n lys of kategorieë rekords beskikbaar stel wat outomaties beskikbaar is, soos voorgeskryf in paragraaf 9.3.4 hieronder.

9.3.3 Outomaties beskikbare rekords van 'n privaat liggaam kan ook beskikbaar gestel word ingevolge artikel 52 (1) van die **PAIA**-wet, maar op 'n vrywillige basis, ooreenkomstig met paragraaf 9.3.4 hieronder.

9.3.4 'n Beskrywing van die kategorieë van rekords wat outomaties beskikbaar gestel moet word -

(a) aan die Inligtingsreguleerder;

(b) op die webwerf van die liggaam; en

(c) vir inspeksie by die kantore van die betrokke liggaam gedurende normale kantoorure.

[13] *Artikel 110 van die POPI-wet*

9.3.5 Let asseblief daarop dat die reguleerder die beskrywing van outomaties beskikbare rekords van 'n openbare liggaam op sy webtuiste sal laai.

9.3.6 Hierdie lys sluit die rekords in wat nodig mag wees om beskikbaar gestel te word deur ander wette, en enige ander rekords wat daardie liggaam kies om in te sluit. Om die formaliteit van die nakoming van die **PAIA**-versoekproses te vermy, word 'n versoeker aangeraai om die **PAIA**-handleiding van die betrokke openbare of privaat liggaam na te gaan. Indien 'n persoon toegang wil verkry tot rekords wat binne die liggaam se lys van outomaties beskikbare rekords val, kan die persoon bloot toegang daartoe versoek sonder om **PAIA**-vorm 2 in te vul.

9.3.7

Die Wet op die Befondsing van Politieke Partye 6 van 2018 stel 'n paar veranderinge bekend deur middel van die **PAIA**-wet, waarvolgens die hoofde van politieke partye rekords van private skenkings moet opneem en bewaar, wat openbaar moet word sonder dat iemand 'n **PAIA**-versoek hoef in te dien.

## 10. KONTAKBESONDERHEDE VAN INLIGTINGSBEAMPTES

10.1 Hoewel dit vereis word dat die kontakbesonderhede van die inligtingsbeamptes van elke openbare liggaam in elke telefoongids gepubliseer moet word, kragtens artikel 16 van die **PAIA**-wet, het die Reguleerder spesifieke kontakbesonderhede van alle Inligtingsbeamptes (insluitend adjunkinligtingsbeamptes, wat ingevolge artikel 17 en 56 van die **PAIA**- en **POPI**-wet onderskeidelik, aangestel is) ingevolge artikel 55 (2) van die **POPI**-wet by hom geregistreer is.

10.2 Hoewel die verkryging van die regte kontakbesonderhede dikwels 'n baie uitdagende deel kan wees van die rig van 'n **PAIA**-versoek, aangesien rolle in die openbare sektor gereeld verander en die **PAIA**-handleiding nie noodwendig op datum is nie, moet die eerste plek om kontakbesonderhede te vind die **PAIA**-handleiding van die liggaam wees. As 'n aanvraer egter nie die gids kan vind nie, kan dit ook help om die skakelbord van die liggaam te skakel om die tersaaklike besonderhede aan te vra.

10.3 Vir munisipaliteite, plaas die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plaaslike Regering (**SALGA**) die kontakbesonderhede vir alle munisipaliteite by hierdie skakel: http://www.salga.org.za/Municipalities%20MCD.html

10.4 Regeringskommunikasie voorsien nasionale en provinsiale kontakte sowel as die besonderhede van ondernemings wat in staatsbesit is onder in hierdie skakel: https://www.gov.za/about-government/contact-directory. Onthou altyd dat die definisie van die Inligtingsbeampte help om te identifiseer wie se kontakbesonderhede nodig is om die inligtingsbeampte te identifiseer.

## 11. PROSES OM 'N VERSOEK OM INLIGTING TE RIG

11.1 Die versoekvorms

11.1.1 'n versoek om toegang tot inligting kan aan beide openbare en private liggame gerig word.

11.1.2 Die **PAIA**-wet vereis dat indien u so 'n versoek wil rig, moet u so 'n versoek op die voorgeskrewe vorm rig (hierdie vorms word voorgeskryf deur Regulasies). Daar is twee vorms wat gebruik kan word in die uitvoering tot reg op toegang tot inligting:

| Vorm 2 | Vorm 4 |
|---|---|
| Hierdie vorm kan slegs gebruik word indien u 'n versoek om toegang tot die rekords van 'n openbare of privaat liggaam wil rig. | Hierdie vorm kan slegs gebruik word indien u 'n interne appèl wil aanteken teen die beslissings van die Inligtingsbeamptes of die Adjunk-inligtingsbeamptes of die van 'n nasionale, provinsiale of plaaslike sfeer van regering tot wie 'n interne appèl van toepassing is. |

11.1.3 Hierdie vorms kan verkry word op die reguleerder se webtuiste by https://www.justice.gov.za/inforeg/

11.2 Die bepaling om vas te stel of 'n versoek betrekking het tot inligting wat gehou word deur 'n private of openbare liggaam

11.2.1 'n Openbare liggaam verrig 'n openbare funksie, soos die voorsiening van elektrisiteit of water aan die publiek. Dus, is 'n openbare liggaam nie net 'n nasionale, provinsiale of plaaslike regeringsdepartement nie – dit sou ook ondernemings in staatsbesit of staatsinstellings soos die Reguleerder, Eskom, of PRASA insluit. Daar moet egter 'n onderskeid gemaak word ten opsigte van 'n openbare liggaam vir die doel van interne appèl, wat slegs verwys na die nasionale, provinsiale of plaaslike regering.

11.2.2 'n private liggaam verrig 'n private funksie. So 'n liggaam (wat 'n persoon kan wees) handel 'n bedryf, beroep of professie. Dit is baie belangrik om daarop te let dat wanneer 'n **PAIA**-versoek by 'n privaat liggaam ingedien word, moet 'n persoon staaf watter reg hy beskerm of uitoefen deur om hierdie inligting aan te vra. Met betrekking tot enige inligting wat deur 'n ander persoon gehou word, het Streicher JA die posisie soos volg opgesom, in die **Kaapse Metropolitaanse Raad v Metro Inspection Services (Western Cape) CC en Andere**[14]

[14] **2001 (3) SA 1013** *(SCA) par 28 by 1026f – G.*

*“Inligting kan slegs vereis word vir die uitoefening of beskerming van 'n reg as dit van hulp sal wees in die uitoefening of beskerming van 'n reg. Dit volg dat, ten einde 'n saak om toegang tot inligting ingevolge artikel 32 te stel, moet 'n aansoeker staaf wat die reg is wat hy wil uit te oefen of beskerm, wat die inligting wat vereis word is en hoe daardie inligting hom sal ondersteun in die uitoefening of beskerming van daardie reg ”.*

11.2.3 Soms kan die vraag of 'n rekord 'n openbare of private rekord is ingewikkeld wees en die publiek word aangeraai om regsadvies te soek. Byvoorbeeld, indien 'n openbare liggaam 'n privaat liggaam aanstel om sekere dienste aan sy ontwil te lewer, soos die installasie van watermeters in sekere gemeenskappe, toegang tot die nommers van geïnstalleerde meters, selfs indien sodanige inligting deur 'n privaat liggaam gehou word, word dit as die inligting van 'n openbare liggaam hanteer.

11.3 Hoe verduidelik 'n persoon die reg wat hy beoog om uit te oefen of te beskerm?

11.3.1 Wanneer 'n reg gestaaf moet word wat 'n mens beoog om te beskerm of uit te oefen in die versoek om inligting van 'n privaat liggaam, kan mens nie die reg om toegang tot inligting staaf nie. 'n Mens moet verduidelik hoe die rekord wat aangevra word redelikerwys nodig is vir die persoon om 'n ander reg te beskerm of uit te voer. Dit kan regte wat nie net grondwetlike regte is nie, insluit.

11.3.2 'n Mens kan byvoorbeeld die meester planne van 'n maatskappy aanvra wat die potensiaal het om 'n besoedelingsimpak in 'n gemeenskap te hê, ten einde te help om 'n mens se reg tot die omgewing te beskerm deur die monitering van sy werksaamhede. Of 'n mens kan rekords aanvra, wat sal help om te bepaal of 'n mens die reg het om 'n Siviele eis teen 'n entiteit in te stel. Dis is dus nodig dat mens:

11.3.2.1 Die reg wat hy wil uitoefen of beskerm identifiseer en dan

11.3.2.2 Duidelik verduidelik waarom die rekord wat hy aanvra redelikerwys benodig word om te help met daardie reg.

11.3.3 In kontras hiermee, wanneer 'n **PAIA**-versoek aan 'n openbare liggaam gerig word, hoef mens nie 'n rede vir die versoek om inligting te hê nie.

## 12. WIE KAN 'N PAIA-VERSOEK RIG?

12.1 Enige persoon, hetsy dit 'n Suid-Afrikaner of nie-Suid-Afrikaner, word toegelaat om 'n versoek kragtens die **PAIA**-wet te rig. Die versoeker kan 'n natuurlike persoon of 'n regspersoon wees.

12.2 'n openbare liggaam word as 'n regspersoon geag en mag 'n versoek om toegang tot rekords gehou deur privaatliggame rig, maar slegs indien die openbare liggaam -

12.2.1 in die belange van die publiek optree, en

12.2.2 Indien die rekords nodig is vir die vervulling of beskerming van enige regte anders as dié van die openbare liggaam.

12.3 Kragtens die **PAIA**-wet, mag 'n versoeker nie 'n versoek om toegang tot 'n rekord van die openbare liggaam, wat persoonlike inligting oor die versoeker bevat, rig nie, maar die versoeker of betrokkene kan, in ingevolge Artikel 23(1)(b) van die **POPI**-wet, die rekord van 'n verantwoordelike party aanvra of 'n beskrywing van die persoonlike inligting oor die betrokkene wat deur die verantwoordelike party gehou word.[15] Dit beteken dat enige persoon nou kan toegang versoek tot hulle persoonlike inligting wat deur die openbare of privaat liggaam gehou word, ten tyde van vertoning van genoegsame bewys van identiteit. Die persoonlike inligting wat 'n aansoeker kan versoek van die verantwoordelike liggaam kan inligting oor die identiteit van alle derde partye, of kategorieë van derde partye insluit wat toegang tot die inligting het of gehad het.

12.4 Ingevolge Artikel 50(1) van **POPI**-wet, kan enige persoon toegang versoek tot 'n rekord van 'n privaat liggaam, wat persoonlike inligting oor die versoeker bevat of die persoon namens wie die versoek gerig word.

## 13. AAN WIE KAN 'N VERSOEK GERIG WORD?

13.1 Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam is verplig om 'n Adjunk-inligtingsbeampte(s) aan te wys, wat moet verseker dat toegang tot die rekords van die openbare liggaam redelikerwys toeganklik as moontlik gemaak word. Hoewel dit nie 'n vereiste was met betrekking tot die privaat liggaam kragtens die **PAIA**-wet nie, mag 'n privaat liggaam die bogenoemde Adjunk-inligtingsbeampte aanwys, kragtens Artikel 56 van **POPI**-wet.

13.2 Die versoek om toegang tot inligting, hoewel dit aan die inligtingsbeampte gerig mag word, kan ingedien word by die adjunk-inligtingsbeampte. Besonderhede van adjunk-inligtingsbeampte(s) kan verkry word in die **PAIA**-gids van daardie spesifieke liggaam of van die Reguleerder.

## 14. HOE OM DIE VORM TE VOLTOOI

14.1 Vorm 2 - versoek om toegang tot 'n rekord vanaf 'n openbare of privaat liggaam:

14.1.1 Ten einde die **PAIA**-vorm te voltooi, moet 'n persoon genoegsame besonderhede verskaf om sodoende die Inligtingsbeampte en Adjunk-inligtingsbeamptes in staat te stel om die verlangde rekords op te spoor.

[15] *Artikel 11(2) van die PAIA-wet*

14.1.2 Die **PAIA**-regulasies spesifiseer die vorm wat gebruik moet word, wat aan die Inligtingsbeampte of Adjunk-inligtingsbeampte van die liggaam gestuur moet word.

14.1.3 Versoekers wat nie kan lees of skryf nie, kan mondelinge versoeke aan die Inligtingsbeampte of die Adjunk-Inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam rig, wie dan verantwoordelik is vir die voltooiing van vorm 2 namens die versoeker. Die huidige vorm vereis dat u die volgende afdelings voltooi:

| Inligting wat vereis word | Beskrywing |
|---|---|
| **Besonderhede van openbare / private liggaam** | Hierdie afdeling moet e-posadres en faksnommer van die Inligtingsbeampte en / of Adjunk-inligtingsbeampte bevat. |
| **Besonderhede van persoon wat toegang tot rekords versoek** | Dit behoort genoeg inligting oor die versoeker te bevat om die versoeker redelik maklik te identifiseer, met inbegrip van die besonderhede van die aansoeker: posadres, e-pos, faks en / of telefoonnommer in Suid-Afrika. Dit vra ook vir u identiteitsnommer om u identiteit te waarmerk. Indien u 'n versoek om inligting namens iemand anders rig, moet bewys van die hoedanigheid waarin u die versoek rig, voorsien word (soos die 'gemagtigde persoon'). |
| **Besonderhede van die rekord wat versoek word** | Voorsien volle besonderhede van die rekord waarop toegang versoek word, met inbegrip van die verwysingsnommer indien dit bekend is, ten doel die rekord op te spoor. (Indien die gegewe spasie onvoldoende is, gaan asseblief op 'n aparte bladsy voort en heg dit aan die vorm. Alle addisionele bladsye moet geteken word. |
| **Tipe rekord** | Dit behoort genoeg inligting te bevat oor die rekord om dit redelik maklik om te identifiseer. Indien die inligting wat vereis word, nie in die gegewe ruimte in die vorm pas nie, mag 'n addisionele handgeskrewe of getikte bladsy gebruik word om meer besonderhede oor die versoek te verskaf, solank elke addisionele bladsy onderteken word en aan die |

| Inligting wat vereis word | Beskrywing |
|---|---|
| | aansoekvorm geheg word. U kan byvoorbeeld, 'n uittreksel uit 'n verslag of nuusberig insluit wat betrekking het tot die rekord waarna u soek. Dit maak voorsiening om 'n verwysingsnommer vir die rekord in te sluit, indien dit van toepassing is. |
| **Fooie** | Die liggaam aan wie 'n versoeker van plan is om 'n versoek om toegang tot 'n rekord te rig, met inbegrip van 'n rekord wat persoonlike inligting bevat oor hom- of haarself, kan versoek dat u 'n versoekfooi (toegangsfooi) of 'n deposito betaal, maar daardie bedrag mag nie buitensporig wees nie, omdat die fooie gehef word vir die redelike tyd nodig om te soek vir die rekord en dit voor te berei. Die Minister kan deur middel van 'n kennisgewing in die Staatskoerant, die betaling van fooie soos gelys in paragraaf 51.1 hieronder, vrystel.<br><br>'n Ruimte is beskikbaar vir die versoeker om aan te dui waarom hy glo hy of sy moet vrygestel word om enige fooie te betaal. Die rede kan insluit, byvoorbeeld, dat hy of sy werkloos is. |
| **Vorm van toegang tot 'n rekord** | Hierdie afdeling laat u toe om met 'n “ x ” u voorkeure aan te dui vir die vorm van toegang tot die rekord wat voorsien word, hetsy 'n gedrukte afskrif van 'n rekord en/of op 'n flitsaandrywer en/of op 'n kompakskyf. |
| **Wyse van toegang** | In hierdie afdeling word daar van u vereis om u voorkeure te merk met betrekking tot watter taal die rekord moet wees (dit mag dalk nie moontlik wees met betrekking tot alle rekords nie, maar u moet steeds u voorkeur aandui).<br><br>Die wyse van toegang tot die rekord kan bydra tot 'n weiering van toegang as gevolg van hoër tariewe. |

| Inligting wat vereis word | Beskrywing |
|---|---|
| | Byvoorbeeld, indien 'n versoeker 'n dokument in u voorkeurtaal wil hê, mag fooie vir die verandering van die dokumente na jou voorkeurtaal betaalbaar word. Indien die rekord nie beskikbaar is in die taal wat u verkies nie, mag toegang verleen word in die taal waarin die rekord beskikbaar is. Die wyse van toegang tot 'n rekord mag die volgende insluit: persoonlike besigtiging van 'n rekord, 'n rekord per e-pos of faks of koerier of per pos. |
| **Kennisgewing van 'n besluit met betrekking tot 'n versoek om toegang** | 'n Spasie word gebied vir die versoeker om die wyse waarop hy verlang om ingelig te word oor die besluit om die versoek toestaan of weier. Die versoeker kan byvoorbeeld aandui dat hy eerder deur e-pos of per telefoon ingelig wil word, of die respons kan na hom gepos word of per koerier gestuur word. |
| **Besonderhede van die reg wat uitgeoefen of beskerm word** | Wanneer inligting van 'n privaat liggaam versoek word, is 'n versoeker verplig om die "besonderhede van die reg wat uitgeoefen of beskerm word" te beskryf. Hier moet hy die reg waarop hy staat maak stel (soos sy reg op 'n gesonde omgewing) en hoe die rekord wat hy aanvra sal help om die reg uit te oefen of te beskerm. Hy moet 'n verband tussen die rekord wat hy aanvra en die uitoefening of beskerming van die reg staaf.<br><br>Ongelukkig, in teenstelling met die versoek om toegang tot 'n rekord van 'n openbare liggaam, kan hy nie toegang tot 'n rekord van die privaat liggaam bekom nie, tensy hy die reg(te) wat hy wil beskerm of uitoefen staaf, sou toegang tot inligting verleen word. Dit kan die feit insluit dat, nadat hy toegang tot rekords verleen is, hy dan sy reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg sal uitoefen deur die liggaam te dagvaar vir skade wat hy moontlik kon gely het.[16] |

[16] *Artikel 9(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet No. 108 van 1996*

14.1.4 Indien sy versoek om enige rede nie voldoen aan die vereistes wat hierbo gelys is nie, mag die inligtingsbeampte nie die versoek weier nie, tensy hy die versoeker in kennis stel dat hy van voornemens is om die versoek te weier, en die redes vir weiering verskaf word. Die Inligtingsbeampte moet ook die versoeker in kennis stel dat hy hom sal help of aan hom 'n geleentheid sal bied om die fout te wysig.

## 15. DIE KOSTES BETROKKE

15.1 Oor die algemeen, moet die fooie betaal word vir beide vir die rig van 'n versoek en ook om die koste van die voorsiening van toegang tot rekords in ten opsigte van 'n versoek te dek. Daar is egter 'n paar uitsonderings. Indien die versoeker toegang tot die rekords wat hy of sy versoek het toegestaan is en hy of sy nie van die betaling van enige fooie, soos aangedui in paragraaf 15.2 hieronder, vrygestel is nie, mag die Inligtingsbeampte of Adjunk-inligtingsbeampte die voorgeskrewe fooie hef, soos volg-

**NB: Die fooi-struktuur ten opsigte van betaalbare fooie aan die Openbare en Private liggame kan op die Reguleerder se webtuiste gevind word.**

| Item | Beskrywing |
|---|---|
| **1** | Die versoekfooi, betaalbaar deur elke versoeker |
| **2** | Fotostaat van A4-grootte bladsy |
| **3** | Gedrukte afskrif van A4-grootte bladsy |
| **4** | Vir ’n kopie in ’n rekenaar-leesbare formaat op:<br>(i) Flitsaandrywer (voorsien deur die versoeker)<br>(ii) Kompakskyf<br>• Indien voorsien deur die versoeker<br>• Indien voorsien aan die versoeker |
| **5** | Vir 'n transkripsie van visuele beelde per A4-grootte bladsy |
| **6** | Afskrif van visuele beelde |
| **7** | Transkripsie van 'n oudiorekord, per A4-grootte bladsy |
| **8** | Kopie van ’n oudiorekord:<br>(i) Flitsaandrywer (voorsien deur die versoeker)<br>(ii) Kompakskyf<br>• Indien voorsien deur die versoeker<br>• Indien voorsien aan die versoeker |
| **9** | Om ’n rekord op te spoor en voor te berei vir bekendmaking, vir elke uur of deel van ’n uur, uitsluitend die eerste uur, rederlikerwys nodig vir welke soektog en voorbereiding. Om nie oorskrydend te wees aan ’n totale koste van |
| **10** | Deposito: Indien soektog 6 ure oorskry |
| **11** | Posgeld, e-pos of enige ander elektroniese oordrag |

15.2 Die versoeker hoef nie 'n toegangsfooi[17] aan 'n openbare liggaam te betaal nie, indien:-

15.2.1 Hy 'n enkel persoon is wie se jaarlikse inkomste, na die toelaatbare aftrekkings soos **LBS** en **WVF**, minder as **R14 712.00** 'n jaar is, of

15.2.2 Hy getroud is en die gesamentlike inkomste met sy gade, na toelaatbare aftrekkings soos **LBS** en **WVF**, minder as **R27 192.00** per jaar beloop.

15.3 Let asseblief daarop dat die openbare of privaat liggaam, in Vorm 4 tot die regulasies, 'n deposito van die versoeker mag eis, maar slegs indien hulle glo dat die inligting of rekords wat versoek word meer as ses (6) ure sal neem om te soek, maar die deposito bedrag mag nie meer as een-derde van die voorgeskrewe fooi wees nie.

## 16. SAL DIE INLIGTINGSBEAMPTE DIE VERSOEKER HELP OM 'N PAIA-VERSOEK TE RIG?

16.1 Die rol van die Inligtingsbeamptes en/of Adjunk-Inligtingsbeamptes van beide openbare en private liggame is om, in soverre dit betrekking het tot die verwerking van versoeke om toegang tot rekords is om:

16.1.1 die **PAIA**- of **POPI**-versoek te ontvang;

16.1.2 die verwerking van die versoek binne die liggaam te koördineer;

16.1.3 'n beslissing maak om toegang toe te staan of te weier tot die rekords wat aangevra word;

16.1.4 te skakel met die aansoeker (bv. hulle mag dalk die versoeker vir meer besonderhede vra, of hulle mag dalk nodig hê om te vra vir 'n verlenging van die tydperk om die versoek te af te handel, ens.)

16.1.5 die versoeker in kennis te stel van die uitkoms van hul **PAIA**-versoek, waarvan die kennisgewing so spoedig redelik moontlik gegee moet word, maar **binne 30 dae** na ontvangs van die versoek. Die aanvanklike tydperk van 30 dae mag eenmaal verleng word vir 'n verdere tydperk van nie meer nie as 30 dae, indien die versoeker instem op die verlenging of indien die versoek 'n soeke na rekords vereis wat nie redelik afgehandel kan word binne die oorspronklike tydperk nie;

16.1.6 verstrek redes aan die versoeker vir die beslissing om toegang te weier. Dit is baie belangrik dat die redes wat verstrek word vir 'n weiering duidelik en volledig en omvattend is, en moet verwys na die spesifieke artikels van die **PAIA**-wet (sien paragraaf 19.4 hieronder met betrekking tot die gronde vir weiering van toegang tot rekords)[18]

[17] *volgens Goewermentskennisgewing R991 van 14 Oktober 2005*
[18] *Artikel 33 tot 46 van die PAIA-wet*

16.1.7 lig relevant derde party in deur die derde party-kennisgewingsproses ingevolge artikel 47 van **PAIA**; en

16.1.8 indien toegang tot die rekord toegestaan word, verskaf 'n kopie van die rekord aan die versoeker.

16.2 Wanneer die versoeker ingelig word van die besluit, lig hul ook in van die moontlike verhaal beskikbaar asook die relevante tydlyne daarvan .

16.3 Die bykomende rolle en verantwoordelikhede van die Inligtingsbeamptes en/ of die Adjunk-inligtingsbeamptes word omvat in die Riglyn vir Inligtingsbeamptes en Adjunk-inligtingsbeamptes en dié Riglyn kan bekom word by https://www.justice.gov.za/inforeg/docs.html

16.4 Die rol van die Inligtingsbeampte en/ of die Adjunk-inligtingsbeampte is om die versoek na inligting te fasiliteer, en dus beteken dit hul het 'n verskeidenheid van pligte teenoor diegene wat 'n versoek rig.

16.5 Die Inligtingsbeamptes en/ of Adjunk-inligtingsbeamptes moet hierdie hulp gratis verskaf.

16.6 Die Inligtingsbeamptes en/ of Adjunk-inligtingsbeamptes van 'n openbare liggaam het die volgende spesiale take:

| Pligte van Inligtingsbeamptes | Beskrywing |
|---|---|
| **Help om die vorm te voltooi** | Die Inligtingsbeampte moet redelike hulp verleen aan die versoeker om hul **PAIA**-vorm te voltooi, en mag ook nie weier om 'n vorm te aanvaar wat nie behoorlik voltooi is behalwe as hul reeds die hulp verleen het, of hulp aangebied het en die hulp is van die hand gewys. |
| **Verskaf relevante inligting** | Die Inligtingsbeampte moet, waar redelik moontlik, relevante inligting aan die versoeker verskaf, al word dit nie spesifiek versoek nie. |
| **Oordrag van die versoek** | Hierdie is 'n baie belangrike plig. Wanneer 'n **PAIA**-versoek aan die verkeerde openbare liggaam gerig word, moet die Inligtingsbeampte die versoek aan die korrekte openbare liggaam oordra binne 14 dae vanaf |

| Pligte van Inligtingsbeamptes | Beskrywing |
|---|---|
| | die versoek ontvang is, en die versoeker moet op skrif daarvan ingelig word. Die Inligtingsbeamptes moet, sodra dit oorgedra is, binne 30 dae met 'n besluit na vore kom. |
| **Uitstel van vrystelling** | Die Inligtingsbeampte mag besluit om die vrystelling van 'n rekord aan 'n versoeker uit te stel as die rekord binne 90 dae gepubliseer gaan word of as dit deur die wet bepaal word om gepubliseer te word maar dit is nog nie. |

16.7 Die Inligtingsbeampte moet, vir albei private en openbare liggame, as hul nie die spesifieke rekords kan opspoor wat versoek is nie of as hul glo die rekords bestaan nie, 'n omvattende beëdigde verklaring of bevestiging[19] aan die versoeker bied waarmee hul kennis gee dat dié rekords nie bestaan of nie gevind kan word nie, maar waarby die stappe wat hul kan neem om dit op te spoor aangedui word.

## 17. BYSTAND VERLEEN DEUR DIE INLIGTINGSREGULEERDER KRAGTENS DIE PAIA- EN POPIA-WET

17.1 Dit is die Inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam se plig om redelike, gratis hulp te verleen waar nodig[20],om te verseker dat die versoeker of betrokkene voldoen aan die wyse van toegang soos bepaal in artikels 18 van die **PAIA**-wet en artikel 23 van die **POPIA**-wet.

17.2 Maar, as die Inligtingsbeampte faal om sy pligte uit te voer, soos na verwys in paragraaf 17.1 hier bo, mag ŉ versoeker of betrokkene ŉ klagte by die Reguleerder loods en die Reguleerder mag, na verdere ondersoek, ŉ afdwingingsbevel uitreik wat die Inligtingsbeampte aanspreek om die redelike bystand te lewer.

17.3 Waar dit redelik moontlik is, mag die Reguleerder per versoek enige persoon bystaan om hul regte uit te oefen, soos bepaal in **PAIA** en **POPIA**[21], en dit sluit redelike hulp, gratis, soos benodig deur die versoeker of betrokkene om te voldoen aan die wyse van toegang soos bepaal in artikels 18 en 53 van die **PAIA**-wet en artikel 23 van die **POPIA**-wet.

17.4 Die bogenoemde sluit in bystand oor hoe om 'n versoek ter rig vir toegang of oor hoe om 'n vorm te voltooi namens 'n ongeletterde of blinde persoon.

[19] *Artikel 23(1) en 51(1) van PAIA*
[20] *Artikel 19(1) van PAIA*
[21] *Artikel 83(3)(c) van PAIA*

## 18. KAN DIE INLIGTINGSBEAMPTE DIE BETROKKE TYDLYNE VERLENG?

18.1 'n Oorsig van die proses en die sleutel tydlyne betrokke word in die diagram van die PAIA-versoekproses in paragraaf 27 hieronder omskryf. Die gebruik van spesifieke tydlyne is 'n belangrike deel van **PAIA**, dit kweek die effektiewe bestuur van versoeke vir toegang tot rekords.

18.2 Ter herinnering, sodra u korrekte versoek ingedien word by die Inligtingsbeampte of die Adjunk-inligtingsbeampte, aan wie die versoek gerig is of oorgedra is, moet hul binne 'n redelike tydperk of **binne 30 dae**[22] beantwoord. Nietemin, die Inligtingsbeampte van 'n openbare of private liggaam mag aansoek doen om 'n enkele **30 dae verlenging**[23], maar net as:

18.2.1 die versoek is vir 'n groot aantal rekords of vereis 'n groot aantal rekords wat deursoek moet word en, sonder die verlenging, sal die soektog inmeng met die normale aktiwiteite van die liggaam;

18.2.2 die versoek vereis 'n soektog deur rekords in 'n kantoor van die liggaam wat nie in dieselfde stad of dorp is nie en kon dus nie **binne die 30** dae voltooi word nie; en/of

18.2.3 dit verg 'n vlak van konsultasie om op te tree teenoor die versoek, wat nie redelik **binne net 30** dae voltooi kon word nie.

18.3 Die Inligtingsbeampte moet die versoeker inlig van haar of sy voorneme om die aanvangsperiode te verleng, en om ook die periode van die verlenging aan te dui, die rede vir die verlenging, en om die versoeker in te lig van haar of sy reg om te -

18.3.1 Appelleer by die aangewese owerheid;

18.3.2 klagte te rig aan die Reguleerder; of

18.3.3 regstappe te volg in die hof teen die verlenging.

18.4 Die Inligtingsbeampte moet ook die versoeker in die kennis stel van elk van die prosesse van die bogenoemde regte[24].

## 19. ANTWOORDE TOT 'N VERSOEK OM INLIGTING

19.1 **PAIA** gee die publiek die reg om toegang tot rekords vanaf enige openbare of private liggaam te versoek. Dit word gereeld beskryf as die wet wat die burgers ingelig hou oor hul regering. Openbare liggame moet inligting wat versoek word onder **PAIA** beskikbaar maak behalwe as dit onder een van die **twaalf (12) vrystelling**

*[22] Artikel 25(1) van PAIA*
*[23] Artikel 26(1) van PAIA*
*[24] artikel 26(3) van PAIA - die verlengingskennisgewing moet meld dat die versoeker 'n interne appèl mag aanteken, 'n klag by die Inligtingsreguleerder of 'n aansoek by 'n hof kan indien, soos die geval mag wees, teen die verlenging, en die prosedure (insluitende die tydperk) vir die indiening van die interne appèl, klag aan die Inligtingsreguleerder of aansoek, na gelang van die geval.*

val of redes hoekom toegang tot rekords van 'n openbare liggaam toegestaan moet word of nie[25] en **sewe (7) vrystellings** of redes hoekom toegang tot rekords van 'n private liggaam toegestaan moet word of nie.[26] Die negentien (19) vrystellings wat in **PAIA** voorkom, is in die belang van die beskerming van persoonlike privaatheid, nasionale sekuriteit, en wetstoepassing.

19.2 Die onderliggende rigsnoer van die administrasie van **PAIA** is die oopheid vermoede. Dit beteken dat enige rede vir die beperking van hierdie oopheid moet geregverdig wees. Openbare liggame moet ook oorweeg of die gedeeltelike openbaring van inligting moontlik sal wees en waar daar bepaal word dat volle openbaring nie moontlik is nie, moet die inligting wat nie openbaar kan word nie gesny of geredigeer word en die res moet geopenbaar word.

19.3 Tipes antwoorde op versoeke

19.3.1 Wanneer 'n versoek om toegang tot 'n rekord gemaak word, moet die Inligtingsbeampte of Adjunk-inligtingsbeampte die versoeker in kennis stel, of die versoek om toegang toegestaan of geweier is, van -

(a) sy of haar besluit; en
(b) die betaalbare fooie, soos van toepassing is,

op 'n vorm wat wesenlik aansluit by **Vorm 3** van Aanhangsel A van die Regulasies:

19.3.2 Nietemin, **PAIA** verskaf 'n lys van redes of gronde (vrystellings) (sien paragrawe 19.4 en 19.6 hieronder) hoekom die versoek kan of moet geweier word. Dit is belangrik, want die versoek kan alleenlik geweier word op gronde van een van die gelyste gronde vir weiering van toegang tot rekords.

19.3.3 Ten spyte van die bogenoemde redes vir die weiering van toegang tot rekords, moet die Inligtingsbeampte die versoek vir toegang tot 'n rekord van die liggaam toestaan as die openbare belang van die vrystelling van die rekord die skade wat oorweeg word in die lys van redes vir weiering oorskry[27]. Dit beteken die versoeker kan staat maak op openbare belang wanneer enige van die gronde vir weiering van toegang tot rekords beroep word.

19.3.4 Kortliks, die redes hoekom inligting nie vrygestel kan word nie het te make met of die openbaring van inligting meer skade sal doen as wat die nie-openbaring sal. Daar is twee verskillende tipes gronde wat gelys word vir die weiering van toegang tot rekords van 'n liggaam:

[25] *Hoofstuk 4 van PAIA - gronde vir weiering van toegang tot rekords (artikel 34-45 van PAIA)*
[26] *Hoofstuk 4 van PAIA - gronde vir weiering van toegang tot rekords (artikel 63-69 van PAIA)*
[27] *Artikel 46 van PAIA*

19.4 **Lasgewende gronde van weiering (gronde van vrystelling)**

19.4.1 Die Inligtingsbeampte of die Adjunk-inligtingsbeampte moet wanneer dit te make het met lasgewende gronde, die versoek weier want dit het te doen met die rekord.

19.4.2 Daar is meer lasgewende gronde as diskresionêre gronde. Die volgende is die lasgewende gronde van weiering, en die inligtingsbeampte of die Adjunk-inligtingsbeamptes moet die aansoek weier want dit het te make met die rekord -

19.4.2.1 **Lasgewende beskerming van die privaatheid van 'n derde party wie 'n natuurlike persoon is;**
Die Inligtingsbeampte van 'n openbare of private liggaam mag nie toelaat dat 'n versoeker toegang kry tot die persoonlike inligting van 'n ander persoon as dit geag kan word as "'n onredelike openbaring" nie. Die afdelings dui self 'n paar redes aan wanneer dit nie van toepassing is nie, soos wanneer die rekords reeds algemeen bekend is, of as 'n persoon toestemming gegee het. Die toestemming kwessie is veral belangrik want dit sluit aan by 'n ander deel van die proses waarvan die versoeker bewus moet wees, dit hou verband met derde party kennisgewings, kragtens hoofstuk 5 van **PAIA**.

19.4.2.2 **Lasgewende beskerming van sekere rekords van die Suid-Afrikaans Inkomstediens;**
Die Inligtingsbeampte van SAID mag nie toelaat dat 'n versoeker toegang kry tot rekords wat verkry of behou word deur SAID vir die invordering van inkomste nie. Nietemin, rekords wat verkry of behou word deur SAID mag nie geweier word as 'n versoek gerig word deur 'n persoonlike versoeker of die persoon namens wie die versoek gemaak word nie.

19.4.2.3 **Lasgewende beskerming van kommersiële inligting van 'n derde party;**
Die Inligtingsbeampte van 'n liggaam mag nie toelaat dat 'n versoeker toegang kry tot die kommersiële inligting van 'n ander persoon nie (in ander woorde, wie nie die versoeker is nie). Dit sluit inligting soos bedryfsgeheime, of wat die derde party se kommersiële belange in gevaar stel. Byvoorbeeld, KFC maak gebruik van sekere resepte, insluitend bestanddele vervaardig deur 'n derde party, wat bedryfsgeheime is van die derde party en die openbaring daarvan kan die kommersiële belange van die derde party in gevaar stel.

19.4.2.4 **Lasgewende beskerming van sekere konfidensiële inligting, en die beskerming van sekere ander konfidensiële inligting, van 'n derde party;**

Die Inligtingsbeamptes van albei openbare en private liggame mag nie toelaat dat 'n versoeker toegang kry tot 'n rekord as die vrystelling daarvan sal veroorsaak dat daar 'n verbreking van 'n vertrouensplig wat geskuld word aan 'n derde party kragtens 'n ooreenkoms of kontrak.

19.4.2.5 **Lasgewende beskerming van die veiligheid van individue, en die beskerming van eiendom;**

Die Inligtingsbeampte van albei 'n openbare of private liggaam mag nie toelaat dat 'n versoeker toegang kry tot 'n rekord as die vrystelling daarvan die veiligheid van 'n individu in gevaar kan stel nie. In dieselfde afdelings meld dit ook dat die Inligtingsbeampte van 'n liggaam mag toegang weier as dit moontlik die veiligheid van 'n gebou of eiendom kan benadeel.

19.4.2.6 **Lasgewende beskerming van polisie dossiere in borgtog verrigtinge, en die beskerming van wetstoepassende- en regsverrigtinge;**

Die Inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam mag nie toelaat dat 'n versoeker toegang kry tot rekords soos borgtog verrigtinge wat reeds deur artikel 60 van die Strafproseswet beskerm word nie. In dieselfde afdeling word daar ook gemeld dat die Inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam mag toegang tot rekords van wetstoepassing weier as dit die metodes, tegnieke, prosedures vir die voorkoming van misdaad, of die vervolging van misdade, as ook sekere ander rekords relevant tot regsgeding wat plaasvind bevat.

19.4.2.7 **Lasgewende beskerming van geprevilegieerde rekords van regsgeding;**

Die Inligtingsbeampte van 'n private liggaam mag nie toelaat dat 'n versoeker toegang kry tot 'n rekord as die rekord geprivilegeerd is in regsgeding nie, behalwe as die persoon wie die privilegie van toepassing op is afstand daarvan gedoen het.

19.4.2.8 **Lasgewende beskerming van navorsingsinligting van 'n derde party, en die beskerming van navorsingsinligting van 'n openbare of private liggaam.**

Die Inligtingsbeampte van 'n liggaam mag nie toelaat dat 'n versoeker toegang kry tot 'n rekord as die rekord verband hou met navorsing wat reeds, of sal onderneem word deur die liggaam en die vrystelling daarvan kan die navorser, die derde party of die kwessie wat nagevors word ernstige benadeel nie.

19.4.3 Dra asseblief kennis dat die bogenoemde lasgewende gronde vir weiering van toegang tot rekords is redelik dieselfde vir openbare en private liggame, behalwe vir die lasgewende beskerming van sekere rekords van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, polisie dossiere in borgtog verrigtinge, van wetstoepassing en van regsgeding, wat net van toepassing is op openbare liggame.

19.4.4 As net 'n deel van die rekord gekoppel is aan 'n vrystellingsgrond, is die Inligtingsbeampte of Adjunk-inligtingsbeampte van albei openbare en private liggame verplig om te oorweeg of die gedeeltelike openbaring van inligting moontlik is wanneer hulle bepaal dat die volle openbaring nie moontlik is nie en hul moet redelike stappe neem om die deel wat nie aan die versoeker verskaf kan word nie te sny of te redigeer en om toegang aan die res van die rekord te bied.

19.5 **Vermeende weiering van versoek**[28]

19.5.1 'n Mislukking om die versoek behoorlik te beantwoord binne die korrekte tydslyn word geag as 'n ' 'vermeende weiering'. Dit is belangrik, want **PAIA** laat toe dat die versoeker 'n besluit kan uitdaag wanneer geen besluit geneem is nie en die versoek geïgnoreer is. Die versoeker kan net by die interne appel stel dat geen antwoord ontvang is nie.

19.5.2 Die versoek na toegang tot rekords word geag as geweier na die verval van 30 dae of enige verlengde periode waarby die openbare of private liggaam versuim om te beantwoord.

19.6 **Diskresionêre gronde van weiering**

19.6.1 Met diskresionêre gronde, mag 'n inligtingsbeampte of adjunk-inligtingsbeampte dit oorweeg om 'n versoek te weier of nie, omdat die gronde vir die aangevraagde rekord geldig is. Aangesien dit 'n diskresie is, moet die Inligtingsbeampte hom/haar objektief in die besluit verdiep wanneer die verskillende gronde oorweeg word, naamlik:

19.6.1.1 **Suid-Afrika se verdediging, veiligheid en internasionale betrekkinge:** Die Inligtingsbeampte kan toegang weier as redelikerwys verwag kan word dat die bekendmaking van die inligting die verdediging of veiligheid van die land sal bedreig. Dit kan ook van toepassing wees indien die bekendmaking van die inligting Suid-Afrika se betrekkinge met 'n ander land kan benadeel, soos die openbaarmaking van rekords wat vertroulik verskaf word.

19.6.1.2 **Ekonomiese, finansiële en kommersiële belange:** Die Inligtingsbeampte kan toegang weier as die vrylating daarvan nadelig sal wees vir die ekonomiese en finansiële status van die Republiek;

[28] *Artikel 27 en 58 van PAIA*

19.6.1.3 **Bedrywighede van openbare liggame:** Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam kan toegang weier as die bekendmaking van die inligting redelikerwys die bedrywighede kan belemmer, byvoorbeeld as dit probeer om beleide te formuleer, of oor 'n kwessie te beraadslaag;

19.6.1.4 **Klaarblyklik ligsinnige of lastige versoeke:** Die Inligtingsbeamptes kan 'n versoek om inligting weier as hulle van mening is dat die verwerking van versoeke onredelik tydrowend sal wees en tot 'n vermorsing van hulpbronne sal lei. Daarbenewens kan hulle toegang tot 'n rekord weier as hulle glo die versoeker dit aanvra om onnodig te irriteer of uit te lok.

## 20. MANDATORY DISCLOSURE OF RECORDS IN THE PUBLIC INTEREST

20.1 Al bestaan 'n diskresionêre of verpligte weieringsgrond in verband met 'n versoek om toegang tot rekords van openbare of privaat liggame, is daar altyd die moontlikheid dat die openbare belang in die openbaarmaking van die rekord belangriker is as die skade wat die vrystelling van die rekord sal hê.

20.2 Waar die belangrikheid van openbare belang bestaan soos hierbo uiteengesit, en die bekendmaking van die rekord bewys sou kon lewer van 'n wesenlike oortreding van, of versuim om die wet na te kom; of 'n dreigende en ernstige openbare veiligheids- of omgewingsrisiko, moet die Inligtingsbeampte van 'n liggaam 'n versoek toestaan vir toegang tot 'n rekord, ondanks die bestaan van die bogenoemde vrystellingsgronde.

## 21. DERDE PARTY KENNISGEWINGSPROSES[29]

21.1 'n Inligtingsbeampte of adjunk-inligtingsbeampte van 'n liggaam word ingevolge artikels 47 en 71 van **PAIA** verplig om alle redelike stappe te neem om 'n derde party in kennis te stel oor 'n versoek om sy of haar inligting wat 'n rekord kan wees wat persoonlike inligting bevat,

21.1.1 'n SAID rekord;

21.1.2 handelsgeheime;

21.1.3 inligting waarvan die vrylating gronde kan vorm vir 'n aksie vir die verbreking van 'n vertrouensplig; of navorsingsinligting wat iemand of die navorsingsmateriaal aan ernstige skade kan blootstel.

21.2 Die kennisgewing aan die derde party wie se rekords of inligting onderhewig is aan die versoek, moet die derde party nooi om -

[29] *Artikel 47 en 71 van PAIA*

21.2.1 skriftelike of mondelinge vertoë tot die Inligtingsbeampte rig waarom die versoek om toegang geweier moet word; of

21.2.2 skriftelike toestemming gee vir die openbaarmaking van die rekord aan die versoeker.

21.3 Meer belangrik vir die versoeker, **PAIA** stel dat die skriftelike kennisgewings binne 21 dae na ontvangs van die versoek aan die derde party gestuur moet word, en dat die Inligtingsbeampte of Adjunk-inligtingsbeampte die versoeker in kennis moet stel dat 'n kennisgewing aan die derde party gestuur is.

21.4 Sodra die kennisgewing gestuur is, moet die Inligtingsbeampte of Adjunk-inligtingsbeampte dan 'n finale besluit neem om die rekords binne 30 dae nadat die kennisgewing gestuur is, bekend te maak of nie.

21.5 Die derde party moet in kennis gestel word van die besluit wat geneem is en voldoende redes vir die toestaan van die versoek moet ook verstrek word. Die derde party moet ook ingelig word oor die reg en die prosedure om die beslissing te betwis, soos aangedui in paragraaf 22 hieronder.

## 22. REGSMIDDELE BESKIKBAAR TEEN 'N BESLUIT OF VERSUIM OM 'N BESLUIT TE NEEM DEUR DIE INLIGTINGSBEAMPTE OF ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTE

22.1 Stappe om te neem sodra 'n besluit oor 'n versoek geneem is

22.1.1 'n Versoeker kan skriftelik 'n opvolgaksie neem op die hangende besluit van 'n inligtingsbeampte of adjunk-inligtingsbeampte. Dit word aangemoedig dat alle korrespondensie tussen 'n versoeker en die inligtingsbeampte of adjunk-inligtingsbeampte skriftelik moet wees vir toekomstige verwysingsdoeleindes.

22.1.2 Daar is verskillende prosesse vir openbare en private liggame, veral met betrekking tot interne appèlle. Met betrekking tot 'n versoek om toegang tot 'n rekord van 'n openbare liggaam, moet die versoeker byvoorbeeld eers 'n interne appèl indien voordat hy die Reguleerder of die Hof nader. Daar is egter geen interne appèl teen 'n beslissing (hetsy die toegang tot rekords toegestaan of geweier is) of vermeende weiering van toegang tot die rekords van 'n privaat liggaam nie.

22.1.3 In hierdie afdeling word die regsmiddele uiteengesit wat beskikbaar is vir versoekers wat sulke beslissings wil betwis, waaronder interne appèlle, die indiening van 'n klag by die Reguleerder en aansoeke by die hof. Sien ook diagram van **PAIA**-versoekvloei, in paragraaf 27 hieronder.

22.1.4 'n Versoeker kan onder andere die volgende beslissing van 'n privaat en/of openbare liggaam betwis -

22.1.4.1 die betaalmiddel of betaling van die versoekfooi;

22.1.4.2 die betaalmiddel of betaling van 'n deposito;

22.1.4.3 die toegangsfooie betaalbaar is buitensporig;

22.1.4.4 die vorm van toegang wat verleen word;

22.1.4.5 die weiering van die versoek;

22.1.4.6 die prosedure (met inbegrip van die tydperk) vir die indiening van die Interne appèl;

22.1.4.7 ontoepaslike tyd uitstel is geneem om te reageer op 'n versoek om toegang;

22.1.4.8 versuim om rekords bekend te maak;

22.1.4.9 die toestaan van 'n versoek om toegang tot 'n rekord;

22.1.4.10 weiering om sodanige versoek toe te staan om fooie oor te sien;

## 22.2 Interne regsmiddele

22.2.1 Hoe teken 'n versoeker intern appèl aan teen 'n openbare liggaam se beslissing?

22.2.1.1 'n Interne appèl kan slegs ingevolge artikel 74 van **PAIA** by die betrokke owerheid van die nasionale of provinsiale regeringsfeer of enige munisipaliteit in die plaaslike regeringsfeer, na gelang van die geval, ingedien word.[30]

22.2.1.2 Die Stad Johannesburg is 'n voorbeeld van 'n plaaslike regeringsfeer waarteen 'n interne appèl ingedien kan word. Die Padongelukkefonds of die Reguleerder is 'n voorbeeld van 'n openbare liggaam wat nie deel uitmaak van die nasionale, provinsiale of plaaslike regeringsfeer soos dit deur wetgewing ingestel is nie, en daarom kan 'n interne appèl nie daarteen ingestel word nie.

[30] *Artikel 74(1) van PAIA*

22.2.1.3 Indien 'n versoeker of 'n derde party ontevrede is met 'n besluit geneem deur die Inligtingsbeampte of Adjunk-inligtingsbeampte van 'n nasionale, provinsiale of plaaslike regeringsfeer, het die versoeker of 'n derde party die reg om 'n interne appèl in te dien ingevolge artikel 74(1) of (2) van **PAIA**. Die proses om 'n appèl aanhangig te maak, word voorgeskryf in die PAIA-gids van die betrokke instansie en die wyse waarop 'n interne appèl aangeteken kan word, word ook hieronder uiteengesit.

22.2.1.4 Indien die antwoord van die nasionale, provinsiale of plaaslike regeringsfeer 'n vermeende weiering is, met ander woorde, hy nie binne 30 dae of enige verlengde tydperk op 'n versoek reageer nie, kan die versoeker 'n interne appèl indien volgens die prosesse hierin uiteengesit, voordat die versoeker die Reguleerder of 'n Hof mag nader.

22.3 **Bewaring van rekords totdat 'n finale beslissing oor die versoek finaal bepaal is**

22.3.1 Die Inligtingsbeampte van 'n nasionale, provinsiale of plaaslike regeringsfeer waarop 'n interne appèl van toepassing is, word ingevolge artikel 21 van PAIA vereis om toepaslike stappe te neem wat redelikerwys nodig is om die rekord te bewaar en mag geen versoekte rekord verwyder of vernietig totdat alle of enige verrigtinge in 'n interne appèl of 'n klag by die Reguleerder of 'n aansoek by die hof finaal beslis word nie.

22.3.2 Dit beteken dat die Inligtingsbeampte nie die inligting wat gevra word, kan verwyder of vernietig nie, hangende enige proses wat in paragraaf 22.3.1.1 hierbo voorgeskryf word.

22.4 **Aan wie moet die interne appèl gerig word?**

22.4.1 Alhoewel die appèl deur die betrokke owerheid oorweeg sal word, moet 'n interne appèl gelewer of gestuur word aan die Inligtingsbeampte van die nasionale, provinsiale of plaaslike regeringsfeer, na gelang van die geval, na sy adres, faksnommer of elektroniese posadres, waarvan die kontakbesonderhede in die **PAIA**-gids gevind kan word of soos by die Reguleerder verkrygbaar is.

22.4.2 Die Inligtingsbeampte van die nasionale, provinsiale of plaaslike regeringsfeer, na gelang van die geval, het 'n spesifieke verpligting ingevolge artikel 75 (4) van **PAIA** om die appèl aan die Appèlowerheid voor te lê, tesame met sy redes vir

[31] *Artikel 75(1)(b) van PAIA*

die besluit onder appèl. Die indiening van die appèl by die betrokke owerheid moet binne 10 werksdae na ontvangs van die appèl geskied.

22.5 **Wie is die betrokke owerheid?**

22.5.1 Die betrokke owerheid, hierna "appèlowerheid" genoem, is oor die algemeen die politieke hoof van die betrokke liggaam (hoewel hierdie funksie amptelik gedelegeer kan word) en verwys spesifiek na die volgende persoon -

| Openbare Liggaam (“Regering”) | Relevante Owerheid ("Appèlowerheid") |
|---|---|
| **Kantoor van die President** | Die persoon wat skriftelik deur die President aangewys is, indien enige, anders sal die President die appèlowerheid wees. |
| **Nasionale Departement** | Minister verantwoordelik vir daardie Departement, of die persoon wat skriftelik deur die Minister aangewys is. |
| **Kantoor van die Premier** | Die persoon wat skriftelik deur die Premier aangewys is. |
| **Provinsiale Departement** | Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) wat verantwoordelik is vir daardie Provinsiale Departement of die persoon wat skriftelik deur die LUR aangewys is; |
| **Munisipaliteit** | Die Burgemeester, die Speaker of enige ander persoon wat skriftelik deur die Munisipale Raad van daardie munisipaliteit aangewys is; |

22.5.2 In enige ander geval, waar dit nie die kantoor van die Premier is nie: die lid van die uitvoerende gesag wat verantwoordelik is vir daardie openbare liggaam of die persoon wat skriftelik deur daardie lid aangewys is.

22.5.3 Indien die appèlowerheid die besluit van die Inligtingsbeampte goedkeur, word die interne appèl geweier en die oorspronklike besluit van die Inligtingsbeampte volstaan. Sou die appèlowerheid egter nie saamstem met die besluit van die Inligtingsbeampte nie, dan word die appèl toegestaan en word die oorspronklike besluit omvergewerp.

22.5.4 decision of the Information Officer stands. However, should the appeal authority disagree with the Information Officer's decision, then the appeal is granted and the original decision is overturned.

## 22.6 Wie kan 'n interne appèl aanteken?

22.6.1 Enige versoeker wie se **PAIA**-versoek om toegang tot die rekords van die nasionale, provinsiale of plaaslike regeringsfeer, na gelang van die geval, geweier is, en van mening is dat een van die appèlgronde in paragraaf 22.2.4 hierbo van toepassing op hul versoek is, het die reg om 'n interne appèl aan te teken.

22.6.2 Derde partye kan ook interne appèlle aanteken teen die besluit wat 'n Inligtingsbeampte geneem het om toegang te verleen tot 'n rekord wat hulle betref. As die interne appèl 'n derde party betrek, moet die appèlowerheid wat die interne appèl ontvang het, daardie derde partye in kennis stel (die verantwoordelikheid skuif dus van die Inligtingsbeampte na die appèlowerheid).

## 22.7 Periode waarin appèl aangeteken moet word

22.7.1 'n Interne appèl moet aangeteken word- -

22.7.1.1 binne **60 dae**[32] nadat die besluit geneem is;

22.7.1.2 binne **30 dae**[33] nadat kennisgewing aan die derde party gegee is van die geappelleerde beslissing

22.7.2 Die aanteken van appèl na bogenoemde tydperk (laat) kan moontlik nie toegelaat word nie, tensy 'n geldige rede vir laat wees aan die appèlowerheid verskaf word. Byvoorbeeld, om langer as 60 dae in die hospitaal opgeneem te word, kan as geldige redes om laat te wees aanvaar word.

22.7.3 Sou die appèlowerheid nie die laat indiening van 'n interne appèl aanvaar nie, moet dit aan u redes verstrek waarom die appèl van die hand te gewys is en moet dit ook leiding bied van enige addisionele inligting, indien nodig, om die appèl te aanvaar. Die appèlowerheid moet u ook adviseer oor die proses om 'n klag teen hul beslissing by die Reguleerder of 'n hof in te dien.

[32] *Artikel 75(1)(a)(i) van PAIA*
[33] *Artikel 75(1)(a)(ii) van PAIA*

22.7.4 Soos hierbo aangedui, moet u appèl binne 10 werksdae na ontvangs van 'n interne appèl[34] deur die Inligtingsbeampte by die appèlowerheid ingedien word.

22.8 **Kennisgewing van appèl deur appèlowerheid aan die versoeker of derde party**

22.8.1 Die appèlowerheid moet so gou as wat dit redelik moontlik is, maar in elk geval binne 30 dae na ontvangs van die interne appèl[35], daarvan kennis gee aan -

22.8.1.1 die derde party aan wie die rekord onder appèl behoort, of

22.8.1.2 die versoeker oor die interne appèl teen die toestaan van 'n versoek om toegang.

22.8.2 'n Versoeker of 'n derde party aan wie kennisgewing gegee word, kan binne 21 dae nadat die kennisgewing gegee is, skriftelik vertoë aan die appèlowerheid rig waarom die versoek om toegang toegestaan moet word of nie.

22.9 **Beslissing oor die interne appèl en kennisgewing daarvan**[36]

22.9.1 Die appèlowerheid moet die interne appèl so spoedig moontlik redelikerwys beslis, maar in elk geval binne 30 dae:

22.9.1.1 nadat die Inligtingsbeampte van 'n liggaam die interne appèl ontvang het;

22.9.1.2 nadat 'n derde party in kennis gestel is, soos aangedui in paragraaf 22.3.6.1 hierbo.

22.9.2 Die beslissing van die appèlowerheid moet aan die appellant, derde party en die versoeker meegedeel word. Die beslissing van die appèlowerheid moet gepaard gaan met voldoende redes vir die beslissing, insluitend die voorsiening van **PAIA** of **POPIA** waarop gesteun word.

22.9.3 Indien die appèlowerheid versuim om binne 30 dae kennis te gee van die beslissing oor 'n interne appèl, word die appèl geweier vermeen en kan die versoeker voortgaan om 'n klag by die Reguleerder in te dien of die hof te nader vir toepaslike verligting.[37]

[34] *Artikel 75(4) van PAIA*
[35] *Artikel 76(2)(a) van PAIA*
[36] *Artikel 77 van PAIA*
[37] *Artikel 77(7) van PAIA*

22.10 **Voltooiing van die interne appèl - Vorm 4**

22.10.1 Ten einde enige beslissing van 'n nasionale, provinsiale of plaaslike regeringsfeer te appelleer, moet die versoeker sy interne appèl aanteken deur Vorm 4 in te vul. Vorm 4 moet ingedien word by die Inligtingsbeampte van die betrokke regeringsfeer, wie dan verplig word om dit aan die appèlowerheid te stuur, soos hierbo vermeld.

22.10.2 Vorm 4 is beskikbaar op die Reguleerder se webblad, https://www.justice.gov.za/inforeg/, sowel as die webwerf van die betrokke regeringsfeer.

22.10.3 Die Inligtingsbeampte of Adjunk-inligtingsbeampte van die betrokke regeringsfeer is nie uitdruklik verplig om die versoeker te help om die interne appèlvorm in te vul nie; die versoeker kan egter steeds die inligtingsbeampte versoek om hom in hierdie verband te help.

22.10.4 Hieronder is die stapsgewyse proses om die interne appèl vorm te voltooi -

| Vereiste Inligting | Beskrywing |
|---|---|
| **Besonderhede van openbare liggaam** | Hierdie afdeling moet die naam van die betrokke nasionale, provinsiale of plaaslike regeringsfeer bevat en die Inligtingsbeampte se naam en van. |
| **Besonderhede van die appellant wat die interne appèl aanteken** | Hierdie afdeling moet deur die appellant voltooi word, hetsy in verteenwoordigende hoedanigheid al dan nie. Die volle naam en van, identiteitsnommer en die hoedanigheid waarin 'n interne appèl namens 'n ander persoon ingestel moet word, indien van toepassing, moet verstrek word. Indien die appèl in 'n persoonlike hoedanigheid aangeteken word, moet sodanige hoedanigheid aangeteken word. Addisionele inligting wat vereis word, sluit in die besonderhede van die versoeker: |

| Vereiste Inligting | Beskrywing |
|---|---|
| | posadres, e-pos, faks en/of telefoonnommer. Hierdie inligting moet dieselfde wees as in die oorspronklike versoek. Indien die persoon wat die vorm in vul, die verteenwoordiger van die versoeker is, moet bewys van die hoedanigheid waarin die appèl ingedien word by hierdie vorm aangeheg word. |
| **Besonderhede van die persoon namens wie die versoek gerig word (Indien deur 'n derde party gerig)** | Hierdie gedeelte hoef slegs voltooi te word deur iemand wat inligting vir 'n ander persoon vra. Indien die persoon wat die interne appèl indien nie die persoon is wat aanvanklik die inligting aangevra het nie, moet net die besonderhede van die versoeker hierin verstrek word. As die versoek in 'n persoonlike hoedanigheid is, hoef hierdie afdeling nie voltooi te word nie. |
| **Die besluit waarteen die interne appèl aangeteken word** | Die vorm bied ruimte vir die versoeker om met 'n 'x' aan te dui watter van die genoemde appèlgronde op die appèl van toepassing is. |
| **Gronde vir appèl** | Onder hierdie afdeling, word die versoeker vereis om 'n omvattende beskrywing te gee waarom hy meen dat die gronde vir appèl van toepassing is. Hy word vereis om redes(s) te gee waarom hy meen dat die besluit van die Inligtingsbeampte nie korrek is nie. Hy moet ook enige dokumente wat die appèl ondersteun, aanheg. Die lys van redes waarom die appèl ondersteun word, kan op 'n aparte bladsy in meer besonderhede uiteengesit word as die spasie in die vorm nie voldoende is nie. Die addisionele bladsye wat ingedien word, moet onderteken word. |

| Vereiste Inligting | Beskrywing |
|---|---|
| | Daar moet voldoende redes wees en ondersteunende inligting om die appèlowerheid in staat te stel om 'n ingeligte besluit te neem. Daarom moet u ook 'n uiteensetting van alles wat gebeur het in die aanloop tot die interne appèl insluit. 'n Mens kan op 'n aparte bladsy verwys na spesifieke afdelings van **PAIA** as 'n grondslag vir die appèl. |
| **Kennisgewing van die beslissing op die appèl** | 'n Ruimte word gegee vir 'n beskrywing van die wyse waarop die beslissing gestuur moet word, byvoorbeeld deur die pos, faks of e-pos of per koerier. Kies asseblief die verkose wyse van kennisgewing. |

22.10.5 Alhoewel daar geen verbod is op die verkryging van 'n prokureur in enige stadium van die versoek om inligting nie, is die verskillende **PAIA**-prosesse bedoel om gebruikersvriendelik te wees, wat die behoefte aan 'n prokureur en die aangaan van regskostes verwyder.

## 23. KLAGTE AAN DIE INLIGTINGSREGULEERDER

23.1 'n Versoeker of derde party mag slegs 'n klag by die Reguleerder indien nadat die versoeker of derde party die interne appèlprosedure teen 'n beslissing van die Inligtingsbeampte van 'n nasionale, provinsiale of plaaslike regeringsfeer uitgeput het. Dit beteken dat 'n mens 'n klag teen 'n bepaalde regeringsfeer slegs by die Reguleerder kan indien in die geval dat u ontevrede is met die beslissing van die appèlowerheid. Die Reguleerder sal die klag van die hand wys indien 'n appèlproses na die betrokke regeringsfeer nie afgehandel is nie.

23.2 Hoewel, ten opsigte van 'n openbare liggaam (waarvoor 'n interne appèl nie van toepassing is nie) en 'n privaat liggaam, kan 'n versoeker of derde party egter 'n klag by die Reguleerder indien, indien dit nie tevrede is met die beslissing van die betrokke liggaam nie.

23.3 'n Klag aan die Reguleerder deur 'n versoeker of derde party moet binne 180 dae na ontvangs van die beslissing van die liggaam ingedien word.

23.4 'n Versoeker kan 'n klag  indien by die Reguleerder, indien ontevrede met -

23.4.1 Die uitslag van 'n interne appèl by die appèlowerheid van enige regeringsfeer;

23.4.2 'n beslissing van die appèlowerheid om nie laat aantekening van 'n interne appèl toe te staan nie;

23.4.3 'n besluit van die Inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam wat nie deel is van 'n sfeer van regering om –

23.4.3.1 'n versoek om toegang te weier; of

23.4.3.2 die tydperk om met die versoek te handel te verleng; of

23.4.3.3 toegang in 'n bepaalde vorm toe te staan.

23.4.4 'n besluit van die hoof van 'n privaat liggaam om -

23.4.4.1 'n versoek om toegang te weier; of

23.4.4.2 betaling te eis vir die versoek fooi, of 'n deposito  van die toegangsfooi; of

23.4.4.3 die tydperk om met die versoek te handel te verleng; of

23.4.4.4 toegang in 'n bepaalde vorm toe te staan.

23.5 'n Derde party kan 'n klag by die Reguleerder indien, indien nie gelukkig met -

23.5.1 die uitslag van 'n interne appèl by die appèlowerheid van die betrokke regeringsfeer;

23.5.2 'n besluit van die Inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam wat nie deel is van 'n sfeer van die regering om 'n versoek om toegang; of

23.5.3 'n besluit van die hoof van 'n privaat liggaam om toegang te verleen tot inligting van daardie liggaam,

## 23.6 Hoe kla mens by die Reguleerder?

23.6.1 'n Klagte aan die reguleerder moet skriftelik gerig word en 'n klagvorm moet voltooi word, hetsy met die hand of aanlyn. 'n Klagvorm, Vorm 5 kan van die Reguleerder se webtuiste afgelaai word, https://www.justice.gov.za/inforeg/

23.6.2 Dit beteken dat die Reguleerder nie 'n klagte telefonies sal aanvaar nie; daar word egter van die Reguleerder verwag om redelike hulp te verleen aan enige persoon wat 'n klag wil indien en dit sluit hulp in met die invul van 'n klagvorm.

23.6.3 As u die beslissing van die Inligtingsbeampte van 'n private liggaam betwis, moet u voldoende bewyse lewer om te bewys dat die aangevraagde rekord benodig word vir die uitoefening of beskerming van enige ander reg(te). Toegang tot die rekords van 'n privaat liggaam kan slegs verleen word as u kan bewys dat u van plan is om enige ander reg(te) uit te oefen of te beskerm met die gevraagde rekord.

## 23.7 Wat gebeur na ontvangs van die klagte

23.7.1 By ontvangs van 'n klagte moet die reguleerder -

23.7.1.1 Die klag ondersoek en sy bevindinge aan die Afdwingingskomitee verwys vir 'n beslissing; of

23.7.1.2 Geen aksie op die klag neem te wyte aan die feit dat -

23.7.1.2.1 die klagte nie binne die tydperk van 180 dae ingedien is nie en daar is geen redelike gronde is om die laat indiening van 'n klagte toe te laat nie.

23.7.1.2.2 die klagte is nietig of kwelsugtig of nie te goeder trou nie; of

23.7.1.2.3 met inagneming van al die omstandighede van die geval, is enige verdere optrede onnodig of onvanpas. Die aangevraagde inligting is byvoorbeeld in die openbaar beskikbaar gestel.

23.7.1.3 waar toepaslik, die beste probeer om so 'n skikking te bewerkstellig of die partye te help om hul geskil (le) te besleg; en

23.7.1.4 die klaer en die Inligtingsbeampte, op wie die klagte betrekking het, in kennis te stel van die aksie wat gevolg moet word.

23.8 **Reguleerder se eerste mededeling aan die klaer en Inligtingsbeampte rakende die klag wat ingedien is**

23.8.1 As die Reguleerder besluit om nie verder op te tree teen die klagte nie, sal die Reguleerder die versoeker in kennis stel van die besluit en die redes waarom hy nie verder opgetree het nie.

23.8.2 As die Reguleerder besluit om 'n klag te ondersoek, sal die versoeker 'n brief ontvang waarin hy in kennis gestel word dat die Reguleerder besluit het om 'n ondersoek te doen.

23.8.3 Na ontvangs van 'n klagte sal die Reguleerder die besonderhede van die klagte aan die Inligtingsbeampte van die betrokke liggaam stuur, en hom versoek om 'n skriftelike antwoord op die klag by die Reguleerder in te dien.

23.9 **Ondersoekende bevoegdhede van die reguleerder**

23.9.1 Die Reguleerder het, ingevolge artikel 77G (2) van **PAIA**, die bevoegdheid om -

23.9.1.1 sy beste pogings aanwend om sodanige skikking te beveilig;

23.9.1.2 mense dagvaar om voor die Reguleerder te verskyn en dit af te dwing;

23.9.1.3 hulle verplig om mondelinge of geskrewe getuienis onder eed te lewer en om enige rekords op te lewer;

23.9.1.4 ontvang en aanvaar enige bewyslewering en ander inligting, hetsy onder eed of deur beëdigde verklaring;

23.9.1.5 enige perseel wat deer die verantwoordelike party beset word te betree en visenteer;

23.9.1.6 'n persoonlike onderhoud te voer met enige persoon op enige perseel wat betree word; en

23.9.1.7 voer enige navrae wat die Reguleerder gepaslik vind op daardie persele.

23.10 **Evaluering van voldoening aan die bepalings van PAIA**

23.10.1 Die Reguleerder kan 'n assessering uitvoer of 'n openbare of private liggaam in die algemeen aan die bepalings van **PAIA** voldoen.

23.10.2 Die Reguleerder kan willekeurig 'n nakomingsbeoordeling op 'n liggaam doen, uit eie wil, maar die Reguleerder kan die nakomingsbeoordeling ook op versoek deur of namens die Inligtingsbeampte van 'n liggaam of enige ander persoon uitvoer. Dit beteken dat enige persoon die Reguleerder kan versoek om nakomingsbeoordeling op 'n liggaam te doen. 'n Persoon kan ook 'n anonieme versoek indien om 'n nakomingsbeoordeling uit te voer deur aan te dui dat hy of sy versoek om anoniem te bly.

23.10.3 Die Reguleerder sal die persoon wat die assessering aangevra het, die assesseringsverslag en 'n aanbeveling van die aksie, indien enige, voorsien.

23.11 **Inligtingskennisgewing**

Die Reguleerder kan die Inligtingsbeampte van 'n instansie met 'n Inligtingskennisgewing dien wat van die party vereis om die Reguleerder te voorsien met die inligting wat in die kennisgewing gespesifiseer word. Byvoorbeeld, as 'n klag wat by die Reguleerder ingedien word, betrekking het op die weiering van toegang gebaseer op enige van die vrygestelde gronde, kan die Reguleerder in 'n Inligtingskennisgewing afskrifte van die rekords waartoe toegang geweier is, versoek om te bepaal of die redes vir weiering geldig is al dan nie.

23.12 **Vestiging van die Afdwingingskomitee**

23.12.1 Die Reguleerder word verplig om 'n Afdwingingskomitee[38] te vestig, wat bevoegdhede het om -

23.12.1.1 alle aangeleenthede wat die Reguleerder in terme van **PAIA** daarna verwys, oorweeg en 'n bevinding daaroor maak; en

23.12.1.1 enige aanbevelings te maak aan die Reguleerder rakende enige stappe wat teen die Inligtingsbeampte van 'n liggaam geneem moet word.

23.13 **Afdwingingskennisgewing**

23.12.1 Die Reguleerder kan, na oorweging van die aanbevelings van die afdwingingskomitee, die Inligtingsbeampte van 'n liggaam dien met 'n afdwingingskennisgewing -

[38] *Artikel 50 van POPI*

23.13.1.1 bevestiging, wysiging of tersydestelling van die beslissing waaroor die klag betrekking het; of

23.13.1.1 vereis dat die Inligtingsbeampte sodanige stappe moet neem of dat hy nie die stappe sal neem soos die Inligtingsreguleerder in die kennisgewing bepaal nie.

23.14 **Wat is die gevolge vir die verontagsaming van afdwingingskennisgewings?**

23.14.1 'n Inligtingsbeampte van 'n liggaam wat weier om aan 'n afdwingingskennisgewing te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en is op skuldigbevinding onderhewig aan 'n boete of tot gevangenisstraf van hoogstens drie jaar of aan beide 'n boete en gevangenisstraf.

23.14.2 Artikel 77K van **PAIA** dui op die belangrikheid van die reg op toegang tot inligting of rekords. Hierdie afdeling versterk ook die belangrikheid van die Reguleerder vir die bevordering van die reg op toegang tot inligting.

## 24. AANSOEK BY DIE HOF

24.1 **Wie kan 'n aansoek teen die beslissing by die hof indien?**

24.1.1 'n Versoeker of derde party mag slegs in die volgende omstandighede by die hof aansoek doen om toepaslike verligting ingevolge artikel 82:

24.1.1.1 Nadat die versoeker of derde party die interne appèlproses waarna in paragraaf **22.3** hierbo verwys word, uitgeput het; of

24.1.1.2 nadat die versoeker of derde party die klagteprosedure waarna in artikel 77A verwys word, uitgeput het.

24.1.2 Ingevolge artikel 78 (1) van **PAIA** het 'n versoeker of 'n derde party twee opsies, óf om 'n beslissing in paragrawe 22.2.4, 23.4 en 23.5 hierbo na die Reguleerder of die hof te verwys. Alhoewel u nie verplig is om die Reguleerder te nader voordat u die hof nader nie, is dit raadsaam om te oorweeg om die Reguleerder te nader, aangesien die Reguleerder uitgebreide en vinnige meganismes vir dispuutoplossing het, teenoor die hof.

24.1.3 Vir die hof om egter die saak te beredder, moet 'n versoeker of 'n derde party -

24.1.3.1 gegrief wees deur een van die besluite, gelys in paragraaf 22.2.4, 23.4 of 23.5 hierbo; of

24.1.3.2 die klagteprosedure met die Reguleerder uitgeput het of die klag by die Reguleerder terugtrek. Dit beteken dat 'n mens nie die hof kan nader as die klag nog by die Reguleerder aanhangig is nie.

24.1.4 As u die beslissing van 'n Inligtingsbeampte van 'n private liggaam betwis, moet u voldoende bewyse lewer om te bewys dat die aangevraagde rekord vereis word vir die uitoefening of beskerming van enige ander reg(te) is.

24.2 **Wanneer kan 'n mens 'n aansoek aanhangig maak teen die beslissing van 'n liggaam of Reguleerder?**

24.2.1 'n Aansoek by die hof deur 'n versoeker of derde party, wat óf onsuksesvol was in 'n interne appèl tot die appèlowerheid van die betrokke regeringsfeer óf gegrief is deur 'n beslissing van die Inligtingsbeampte van 'n liggaam (gelys in 22.2.4, 23.4 of 23.5 hierbo) of die van die Reguleerder moet binne 180 dae vanaf die datum van die betrokke gebeurtenis ingedien word.

24.2.2 Die Inligtingsbeampte van 'n liggaam of appèlowerheid van 'n regering, na gelang van die geval, gegrief deur 'n beslissing van die Reguleerder, kan binne 180 dae by die hof aansoek doen om toepaslike verligting ingevolge artikel 82.[39]

24.2.3 'n Versoeker, derde party, of 'n liggaam, kan by die hof aansoek doen om die beslissings waaroor hulle gegrief word, deur die hof te laat hersien.

24.2.4 'n Aansoek by die hof ingevolge **PAIA** word deur middel van 'n siviele prosedure gedoen en moet as 'n laaste uitweg gebruik word.

24.2.5 Sake vir toegang tot inligting kan voor die landdroshowe aangehoor word, as 'n hof van eerste aanleg, en die hooggeregshof wat jurisdiksie het.[40]

24.2.6 Versuim om die aansoek binne 'n tydperk van 180 dae in te dien, kan deur die hof goedgekeur word as dit blyk dat die belange van

[39] *Artikel 78(4) van PAIA*
[40] *Artikel 91A van PAIA en die Bevordering van toegang tot tnligting, Reëls, 2019*

geregtigheid dit vereis.As die rekords waartoe toegang gevra word, u sal help om aansoek te doen vir 'n appèl teen gevangenisstraf, of iemand help om verdere mediese aandag te kry, sal die hof waarskynlik kondonasie in hierdie verband verleen.

24.2.7 'n Aansoek kan ingedien word volgens die prosedure uiteengesit in reël 53 van die hooggeregshofreëls of kragtens reël 55 van die landdroshofreëls indien geen of 'n onvolledige rekords deur die administrateur verstrek is.

24.2.8 As die rekord reeds verstrek is, moet die aansoek ingedien word ingevolge reël 55, landdroshofreëls, met dien verstande dat indien die applikant rede het om te glo dat die administrateur nie die volledige rekord van die verrigtinge verskaf het nie, die versoeker kan volgens die prosedure soos uiteengesit in Reël 53 van die hooggeregshofreëls, tydens sy verkiesing voortgaan, maar moet in sy funderende eedsverklaring aandui waarom daar rede is om te glo dat die volledige rekord nie verskaf is nie.

## 24.3 Wat is die regstatus van die Reguleerder se beslissing hangende die beslissing van die Hof?

Die bevoegdhede van die Reguleerder is hoofsaaklik afkomstig van die Grondwet, **POPIA** en **PAIA**. Gevolglik het die afdwingingskennisgewing wat deur die Reguleerder uitgereik is, regsgevolge en is dit dus bindend tot tyd en wyl die hof anders beslis het. Die beslissings van die Reguleerder is dus effektief en afdwingbaar, tensy die betrokke hof anders bepaal.

## 24.4 Wat is die bevele wat die hof kan verhoor?

24.4.1 Die hof (landdros-of hooggeregshof) wat 'n aansoek verhoor, kan die volgende bevele maak: -

24.4.4.1 die besluit van die Inligtingsbeampte, of die appèlowerheid of Inligtingsreguleerder, bevestig, wysig of tersyde stel;

24.4.4.2 van die Inligtingsbeampte of appèlowerheid vereis om sodanige stappe te neem of om nie sodanige stappe te neem soos wat die hof nodig ag binne 'n tydperk wat in die bevel genoem word nie;[41]

24.4.4.3 'n interdik, tussentydse of spesifieke verligting, 'n verklarende bevel of 'n bevel tot vergoeding toestaan;


[41] *Reël 4 Bevordering van toegang tot inligting, Reëls, 2019*

24.4.4.4 'n kostebevel teen enige party maak;

24.4.4.5 In die belang van geregtigheid moet u die nie-nakoming van die tydperk van 180 dae waarbinne u aansoek kan indien, goedkeur. Soos hierbo aangedui, moet voldoende redes vir die versuim om die voorgeskrewe tydperk na te kom in die meegaande aansoek om kondonasie volledig uiteengesit word.

## 25. DIAGRAM VAN DIE PAIA VERSOEKPROSES

Raadpleeg die stapsgewyse vloei van die prosesvloeikaart oor die prosesse wat gevolg moet word wanneer u die reg op toegang tot inligting uitoefen.


Voltooi en dien Vorm 2
Binne 30 dae in
PAIA versoek word toegestaan
PAIA versoek word geweier
IB/AIB versuim om te antwoord: dit word as weiering geag
IB/AIB verlang 30 dae uitstel
Voor 60 dae verstryk
30 dae verstryk
IB/AIB versuim om te antwoord en as weiering geag
PAIA versoek word geweier
PAIA versoek word toegestaan
Teken interne appèl aan by die Appèlowerheid - gebruik Vorm 4
Dien 'n klag in by die Inligtingsreguleerder
30 dae verstrek
Nader die Hof
Appèl word toegestaan
Appèl word geweier
Appèlowerheid reageer nieen weiering word vermoed
Voor 180 dae verstrek
Nader die Inligtingsreguleerder (Vorm 5)
Ontevrede met die Reguleerder se Beslissings
Nader die Hof

## 26. REGULASIES KRAGTENS ARTIKEL 92 VAN PAIA

26.1 In ooreenstemming met artikel 92(1) en 92(4) van **PAIA**, het die Minister regulasies uitgevaardig met betrekking tot die Bevordering van Toegang tot Inligting, wat die volgende aangeleenthede dek

26.1.1 Verpligtinge van die Inligtingsreguleerder **(regulasie 2)**;

26.1.2 Verpligtinge van Inligtingsbeamptes **(regulasie 3)**

26.1.3 Outomatiese beskikbaarheid van sekere rekords van openbare liggame **(regulasie 4)**

26.1.4 Vrywillige openbaarmaking en outomatiese beskikbaarheid van sekere rekords van 'n privaat liggame **(regulasie 5)**

26.1.5 Versoek om toegang tot inligting wat deur openbare en private liggame bewaar word **(regulasie 6)**

26.1.6 Uitkoms van die versoek en fooie betaalbaar **(regulasie 7)**

26.1.7 Interne appèl teen 'n beslissing deur 'n openbare liggaam **(regulasie 8)**

26.1.8 Klagrigting aan die Inligtingsreguleerder **(regulasie 9)**

26.1.9 Die prosedure vir die ondersoek van 'n klagte **(regulasie 10)**

26.1.10 Skikking van aangeleenthede **(regulasie 11)**

26.1.11 Konsiliasie van die saak **(regulasie 12)**

26.1.12 Voldoeningsassessering deur die Inligtingsreguleerder in reaksie op 'n versoek **(regulasie 13)**

26.1.13 Misdrywe en strawwe **(regulasie 14)**

26.1.14 Electronic communication **(Regulation 15)**

26.1.15 Offences and penalties **(Regulation 16)**

26.2 Ingevolge artikel 79 (1) van **PAIA**, het die Reëlraad vir Howe met die goedkeuring van die Minister reëlings vir die prosedure gemaak vir -

26.2.1 'n hof ten opsigte van aansoeke ingevolge artikel 78 van **PAIA**; ingevolge artikel 79 (1) van **PAIA**, het die Reëlraad vir Howe met die goedkeuring van die Minister reëlings vir die prosedure gemaak vir -

26.2.2 'n hof om ex parte vertoë oorgebring op artikel 80(3)(a) te ontvang.

## 27. SLEUTELWETGEWINGS, REGULASIES , KENNISGEWINGS EN ERKENNING

| Wette wat van tyd tot tyd gewysig kan word |
|---|
| Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000 |
| Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, Wet 3 van 2000 |
| Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting Wysigingswet, Wet 54 van 2002 |
| Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013 |
| Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 31 van 2019 |
| Wet op die Befondsing van Politieke Partye, Wet 6 van 2018 |

**Regulasies en Kennisgewings**

| Goewermentskennisgewing | Datum van publikasies | Onderwerp en beskrywing |
|---|---|---|
| **Goewermentskennisgewing R.757 in SK No 45057** | 27 Augustus 2021 | Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000): regulasies met betrekking tot die bevordering van toegang tot inligting, 2020 |
| **Goewermentskennisgewing R.991 in GG 28107** | 14 Oktober 2005 | Regulasies wat die gronde voorskryf waarop iemand vrygestel is van die betaling van fooie. |
| **Goewermentskennisgewing 397 in SK No 44785** | 30 Junie 2021 | Vrystelling van die saamstel van 'n **PAIA**-handleiding vir sekere privaat liggame. |
| **Goewermentskennisgewing 1217 in GG 42717** | 19 September 2019 | Aanwysing van landdroshowe as beskikkend oor die vermoë om **PAIA**-aangeleenthede aan te hoor. |
| **Goewermentskennisgewing R. 1284 in GG 42740** | 4 Oktober 2019 | Reëls van prosedure vir aansoeke wat gemaak moet word ingevolge **PAIA** voor die Hooggeregshof of Landdroshof. |

## ERKENNING

Hierdie bygewerkte gids oor hoe om die **PAIA**-wet te gebruik, was oorspronklik opgestel deur die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) en die Reguleerder erken hiermee die oorspronklike werk van die SAMRK, met inbegrip van al sy bronne.

Uitgereik deur
**INLIGTINGSREGULEERDER**